3·90

MATIELAND

U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

.... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

KV23C

ISSN 0025-5947

Inhoud

3:90
Jaargang 34

MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
Dok word 80 4
Akademie bekroon dosente 6
Koshuise bereik mylpale 7
Aanstellings en bevorderings 8
Elf dosente tree af 9
Admin groet staatmakers 10
Dermatoloog oor VIGS 11
Vakdidaktieksimposium 11
Russe by die US 11
Steeds skerp, flink, besig 13
Koos: 'n fyn waarnemer 14
Toe vang Koos tóg 'graad' 14
Koos ken nie net nie 16
Geografie-studente presteer 16
Arrivederci Dawie Snyman 17
Sportbeserings bekyk 17
Hokkievroue maak weer skoonskip 17
Skenkings 20
Dieet 'n wapen teen kanker 23
New horizons at SU 24
Voedselwetenskap word 40 25
Skaap- en Wolkunde vier kwarteeu 25
Lee Marler loves Maties 26
Barbara Clarke visits Stellenbosch 26
Manlike domein val ná 121 jaar 27
Verwoerd vors na oor vulkane 27
WNK en US sluit kontrak 28
Eerste vrou wen Schlich-medalje 28
Flagship for Obstetrics in Africa 29
Het u al daaraan gedink? 29
Bekende Oud-Maties in die nuus 30
Toeka se toetie by tokkelokke 31
Nou kan sy kansel toe! 31
In Memoriam 32
Saamtrekke 34
Coetzenburgklub 35

Voorblad: In die historiese rustigheid van D'Ouwe Werf op Stellenbosch klink twee beroemde en beminde Oud-Maties glasies op mekaar se gesondheid – Dok Craven en prof Gawie Cillié het albei vanjaar 80 geword (lees berigte op bl 4 en 13)

Foto: Antenie Carstens, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, US

Redakteur (wnd): D. D'B. Davis
Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch
☎ (02231) 774633/774634
Adreslys: ☎ (02231) 774634
Faks (02231) 774499

Matieland word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedruk deur Blackshaws, Kaapstad.

Dok word 80 – bl 4

Britse Matie – bl 26

Vrouebaanbrekers – bl 27

Saamtrekke – bl 34

Onderskeiding verdien erkenning. Vir wynkenners gaan dit oor produkte met uitmuntende karakter. By Boland Bank gaan dit oor kliënte wat hulleself onderskei. Die erkenning vir albei – Superieur. As u uself finansieel onderskei, kan u nou op 'n nuwe, selektiewe vlak beweeg. Met Superieur Tjekplan – 'n finansiële pakket waarmee Boland Bank superieure erkenning gee. Gesels vandag met u naaste tak.

SUPERIEUR
VOORKEUR-TJEKPLAN

BOLAND BANK

Wie gaan u bedank?

VOORKEUR-VOORDELE:
TJEKS GEWAARBORG TOT R2000 · VOORAF GOEDGEKEURDE KREDIETLIMIETE · SPESIALE RENTEKOERSE · OUTOMATIESE UITREIKING VAN AANKOOPKAARTE · GUNSTIGE BELEGGINGSOPSIES · PAAIEMENTFINANSIERING · GEWAARBORGDE HUISLENING · DIE SPESIALE PERSOONLIKE DIENS WAT TOPKLIËNTE VERDIEN.

YOUNG & RUBICAM 19933/02

•REDAKSIONEEL

Die ware Universiteit

IN SUID AFRIKA *moet nie te veel daarop gereken word dat universiteitsopleiding die enigste vorm van naskoolse opleiding is nie. Te veel mense staar hulle blind teen akademiese opleiding. Die werklike SA benodig die besef dat wat die ontginning van sy mensepotensiaal betref, nie almal universiteitsgrade hoef te (of moet) besit nie.*

Bovermelde stellings hoor 'n mens geruime tyd al en hulle is waar, baie waar. Maar nou is dit ook so dat lede van die gemeenskap – ook in die sakesektor – al meer neig om die praktiese nuttigheid en onmiddellike bruikbaarheid van die produkte van universiteite te benadruk.

Hier moet gewaak word daarteen dat kundigheid nie met vaardigheid gelyk gestel word nie. Kundigheid is 'n intellektuele ontwikkeling wat bekom is – 'n vaardigheid om met mense om te gaan, om vernuwend te dink, maar vaardigheid wat na tegniektoepassing verwys, is iets heel anders.

En daar mag nie van universiteite verwag word om dit by te bring nie. Na-sekondêre opleiding hoef nie noodwendig op universiteitsvlak plaas te vind nie. Benewens die alternatiewe soos tegniese kolleges en onderwyserskolleges, is daar moontlik plek vir iets tussen hulle en universiteite. Junior of intermediêre kolleges kan bv op hulle eie 'n breër, bykomende opleiding bied en presteerders moet dan sonder meer – sou hulle dit verkies – tot die universiteitsopsie toegelaat word.

'n Universiteit kan dan ook so 'n junior of intermediêre kollege onder sy vleuels neem. Dit sou trouens sy dure verpligting teenoor die Suid-Afrikaanse gemeenskap wees om so te doen en hy kan dan 'n satelliet hê wat spesifieke soort opleiding onder sy voogdyskap aanbied.

As 'n universiteit hom egter wil verander om die opleiding te bied wat eintlik by so 'n junior of intermediêre kollege tuishoort, is dit sy goeie reg. Maar daar is 'n risiko aan verbonde : 'n verlaging in toelatingsvereistes lei tot gelykmatige afname in openbare persepsie van so 'n inrigting se standaarde. Op die lange duur is dit tog immers publieke persepsie wat die aansien van 'n universiteit, die gehalte van sy opleiding en die waarde van sy kwalifikasies bepaal – en nie die universiteit se persepsie van homself nie.

En so 'n inrigting het ook nie die minste reg om dié een wat hom met die ontwikkeling van die intellek, die wetenskaplike denkproses en die breë akademiese vordering besig hou, te kritiseer as 'n ivoortoringinrigting wat 'n nuwe elitegroep in Suid-Afrika probeer bou nie. Die werklike denkers wat universiteite deur die eeue gelewer het, was nog altyd in sekere opsigte 'n elitegroep en enige samelewing het vir sy voortbestaan die vernuwende denke van so 'n groep nodig. Buitendien is 'n universiteit 'n inrigting waar daar op hoë vlak met die wetenskap gewerk word, en in daardie opsig is hy elitisties. Universiteite in verskillende lande verskil onderling, soms selfs drasties. Maar in die hele universiteite-spektrum is daar plek vir die soort inrigting wat die wetenskap op 'n hoë vlak dien, m a w die ware universiteit.

Stellenbosch sou as die ware universiteit wil voortgaan – as 'n sentrum van intellektuele en kulturele ontwikkeling en vernuwing, 'n sentrum vir akademiese uitnemendheid, 'n sentrum van ongehinderde ondersoek en meningswisseling – sonder om standaarde te verlaag en sonder dat sy wese as ware universiteit ondermyn word. Oxford en Cambridge in Engeland is eeue al ware universiteite – so ook Harvard en Princeton in die VSA – waarom ook nie Stellenbosch nie?

FOKUS OP...

PROF SERF KRITZINGER word op 1 Januarie aanstaande jaar die Universiteit se nuwe Registrateur in die plek van mnr J R Olivier wat einde vanjaar aftree. Hy is 'n internasionaal erkende fisikus wat op navorsingsgebied reeds diep spore getrap het en ook 'n voortreflike dosent was. Hy is op die oomblik die US se Direkteur van Navorsing.

Prof Kritzinger het op 6 Junie vanjaar 50 geword. Hy is op Joubertina gebore en het ook daar skoolgegaan. In 1960 het hy die graad B Sc aan die US verwerf. Vier jaar later spog hy ook met Hons-B Sc en M Sc wat hy albei *cum laude* ingepalm het. Einde 1965 verwerf hy 'n tweede M Sc graad aan die Universiteit van Birmingham in Engeland en in 1967 'n doktorsgraad (Ph D in Fisika) aan dieselfde Britse universiteit. In 1964 het hy die John Todd Morrison-navorsingsmedalje op Stellenbosch verower.

Prof Kritzinger het in April 1962 junior lektor in die US se Departement Fisika geword. Hy was daarná lektor, senior lektor en mede-professor, en in Mei 1979 het hy professor geword. In dié tyd het hy 'n nuwe Afdeling Vaste-toestandfisika in die departement gevestig en uitgebou.

Op 1 Oktober 1984 is hy in die nuwe pos van Direkteur: Navorsing aangestel met die opdrag om die werksaamhede van die Universiteit se Afdeling

Navorsingsadministrasie te lei en te koördineer. Dit sluit in die identifisering van navorsingsbehoeftes en befondsing daarvan asook die bekendstelling van navorsingsfondse en ander beskikbare hulp aan US-personeel. In samewerking met dekane stimuleer hy navorsing en navorsingspublikasies aan die Universiteit.

Die nuwe Registrateur is 'n man wat reeds wyd gepubliseer het: 60 wetenskaplike publikasies en drie populêrwetenskaplike publikasies. Daarbenewens het hy 60 referate op vakkonferensies in Suid-Afrika en 17 in die buiteland voorgedra. Hy was ook studieleier vir ses Ph D- en tien M Sc-studente.

Serf Kritzinger is ongetwyfeld uitstekend toegerus vir die groot taak wat op hom wag. Benewens sy vlymskerp intellek, voortreflike akademiese kwalifikasies en wye ervaringsveld, is hy ook bekend as 'n pragmatiese en presiese mens. Sy werkvermoë is verstommend en hoewel hy ook alle take met heelwat meer as die gewone drif uitvoer, is hy deurentyd geduldig en galant teenoor almal.

Hy en sy vrou, Christa (sy het Huishoudkunde aan die US gestudeer), ken mekaar reeds van skooldae. Hulle het twee kinders.

DIT was Dok se dag – 10 Oktober 1990. Die dag waarop lede en vriende van die Maties se rugbyklub, gewese spelers, Oud-Maties en rugby-bevriende mense die ganse Republiek en rugbyspelende wêreld oor, deernisvolle hulde en luisterryke eerbetoon aan 'n merkwaardige sportleier en gewaardeerde vaderfiguur op die vooraand van sy 80ste verjaardag gebring het.

Daniël Hartman Craven, ofte wel Dok, soos hy wêreldwyd bekend staan, het die volgende dag verjaar.

Dit was vir duisende 'n enorme voorreg om deel te hê aan die feesvieringe ter ere van hierdie lewende legende, hierdie Stellenbosch-instelling, hierdie held van duisende seuns en hulle pa's en oupas, wat sy Alma Mater, sy dorp en sy land die grootste deel van sy lewe met sy hele hart en siel gedien het en steeds dien. Dit was vir duisende 'n heuglike geleentheid om saam met een van die grootste sportmanne wat Stellenbosch en Suid-Afrika nog opgelewer het, sy 80ste verjaardag te kon vier.

Die dag het met 'n gholfwedstryd begin en is afgesluit met 'n dinee in die stadsaal. Maar die hoogtepunt was die hoofrugbywedstryd op die Danie Craven-stadion waar 'n vyftiental, bestaande uit Matie- en Oud-Matiespelers, bekend as die Momentum-Cravenspan, teen Noord-Transvaal kragte gemeet het. (Dié wedstryd is deur Momentum Lewens geborg).

DOK

LINKS:
Dok en sy vrou, Merle, by die spoggerige verjaardagkoek wat spesiaal vir hom gebak is vir sy 80ste verjaardag.

Foto: Terry Shean, Sunday Times.

Dok Craven is ook baie lief vir diere, veral honde. Wie wat in die jare sewentig op Stellenbosch was, sal nie vir Bliksem onthou nie? Hy het letterlik jare in die spore van die groot meester van rugby geloop.



Dok en die vyf rugbyspelers wat hy meen die beste sedert die Tweede Wêreldoorlog is, is hier afgeneem die aand op die banket in die stadsaal van Stellenbosch. (Vlnr): Colin Meads van Nieu-Seeland, Naas Botha en Frik du Preez van Suid-Afrika, Benoit Dauga van Frankryk en Gareth Edwards van Wallis.

Foto: John Wassenaar, Rapport.

LINKS:
Tagtig of te nie, Mnr Rugby is gewoonlik soggens erg bedrywig in sy kantoor in die Jannie Maraishuis op Coetzenburg.

Die skare van minstens 20 000 op die Danie Craven-stadion het met die eerbied wat 'n land se leier beskore is, opgestaan en geesdriftig applous gegee toe Dok Craven die middag om half-drie per helikopter na die veld gebring is.

Hy is minute lank toegejuig en toe dit geleidelik bedaar, het die Kaapse Klopse – in gelid om 'n kleurryke erewag te vorm – uitbundig begin sing: "Happy birthday, Oom Danie ..." Hy het stadig deur die erewag gestap, sigbaar aangedaan.

Nadat hy deur die erewag gestap het, het hy mense met die hand gegroet. "Ek voel baie, baie goed. Ek kan nog 'n lang pad loop, maar daar sal nie nog 'n tagtigste verjaardag wees nie," het hy onder gelag gesê.

Ná die wedstryd, wat deur die Blou Bulle gewen is, het dit gelyk of die groot skare stadig uiteengaan, so asof hulle nie sommer gou wou afskeid neem van 'n legende wat al langer as 60 jaar onafskeidelik deel is van die Eikestad nie.

Die nimlike prof Bun Booyens het dit baie treffend in die wedstrydprogram gestel: **"Begryp hom goed en ontdek in hom die bonkige, gewortelde kanniedood-Stellenbosse eikeboom, eintlik 'n seder-eik, wat soveel jare reeds in ons bodem geanker is."**

WORD 80

Sy statuur in wêreldrugby laat mens soms vergeet hoe 'n formidabele akademikus Dok Craven ook is. Hier ontvang hy (in 1978) sy derde doktorsgraad – 'n PhD in Liggaamlike Opvoedkunde – van wyle dr Kosie Gericke, Visekanselier van die US. Sy ander twee doktorsgrade is in Volkekunde (1935) en Sielkunde (1956).



REGS:
Nog vol skop – kort nadat hy per helikopter op die Danie Craven-stadion geland het, het Dok een van die duisend rugbyballe, wat deur M-Net aan die Danie Craven 80-trustfonds geskenk is, tot groot vermaak van die skare tussen die mense in gesool onderwyl mnr Ton Vosloo, voorsitter van M-Net, dit vasgehou het. Die balle word deur die SA Rugbyraad onder minder bevoorregte kinders versprei.

Foto: John Wassenaar, Rapport.

ONDER:
Toe Dianne Chandler vir Dok teen die einde van die aand op die banket Danny Boy toegesing het, was daar min oë onder die honderde manne in die Stellenbosse stadsaal wat nie vogtig was nie. Mev Merle Craven kyk toe. Benewens mej Chandler het David Kramer, Tolla van der Merwe en Pip Friedman ook opgetree.

Foto: John Wassenaar, Rapport.



Prof Barnie Barnard



Prof Dian Joubert

Prof Willie Jonker

Akademie bekroon dosente

DRIE bekende hoogleraars aan die US is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon.

Prof W S (Barnie) Barnard van die Departement Geografie het die Stalsprys vir Aardrykskunde ontvang, **prof D D (Dian) Joubert** van die Departement Sosiologie die Stalsprys vir Sosiologie en Kriminologie en **prof W D (Willie) Jonker** van die Fakulteit Teologie die Totiusprys vir Teologie en die grondtale van die Bybel.

Prof Barnard is die vierde Stalspryswenner in Geografie – die drie vorige bekroondes was ook van Stellenbosch.

Hy is gebore en het sy skoolopleiding op Calitzdorp in die Klein-Karoo geniet. Hy het aan die US gestudeer en in 1959 as 24-jarige in Geografie begin doseer. In 1970 het hy professor geword.

Prof Barnard het reeds in 1961 sy eerste navorsingsartikel – oor Namibië – gelewer. Dit is o m opgevolg deur 21 wetenskaplike artikels in Afrikaans (oor 300 bladsye in aangrypende skryfstyl), vyf artikels in Engels in erkende wetenskaplike vaktydskrifte en 18 rigtinggewende hoofartikels in die 17 jaar wat hy hoofredakteur van die *Suid-Afrikaanse Geograaf* was. Hy het veral oor Namibië wyd nagevors en 'n profetiese aanvoeling vir die fisiese en sosiaal-wetenskaplike problematiek van SA se buurstaat openbaar.

Prof Barnard, wat in dié stadium waarskynlik die Afrikaanssprekende geograaf is wat die meeste agting en navolging van vakgenote in Suid-Afrika geniet, het aan *Matieland* gesê dat hy in sy loopbaan veral aan twee persone heelwat verskuldig is: sy leermeester en mentor, prof Andries Nel, wat verbeelding en harde werk as die voortreflikste van akademiese deugde aan kollegas voorgehou en hulle dienooreenkomstig beloon het, en sy vrou, Inge, wat haar nooit in 'n huwelik met hom sou begeef het as sy skoonmoeder haar nie aangemoedig het nie, maar hom oor 29 jaar tog 'n geduldiger mens gemaak het as wat hy was!

Prof Joubert het sy skoolopleiding aan die St Martin-skool in Kaapstad en Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch ondergaan. Aan die US het hy op 'n proefskrif oor samelewingswaardes gepromoveer. Sy sentrale belangstelling binne die Sosiologie is sosiaal-wetenskaplike metodologie en sosiale teorie.

Prof Joubert het ook in Nederland, Duitsland en Engeland gestudeer en uitgebreid in Wes- en Oos-Europa en die VSA gereis.

Hy het navorsing vir en konsultasie met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing versterk en baie van sy publikasies is deur RGN-toekennings moontlik gemaak.

Prof Joubert het ook 'n lewendige belangstelling in letterkunde en kuns en sê hy het al 'n hele paar "grensinvalle" in prosa en essays gedoen. Onlangs het hy Afrikaanse en Engelse vertalings van gedigte van die Nobelpryswenner, George Seferis, gepubliseer en ook 'n bundel in samewerking met die Durbanse kunstenaar, Andrew Verster, uitgegee.

"My kollegas, studente, die RGN en die US het dit vir my moontlik gemaak om die Stalsprys in te palm," sê prof Joubert.

Prof Jonker het op Lichtenburg gematrikuleer en daarná aan die Universiteit van Pretoria die grade BA, MA en BD verwerf. In 1955 het hy die Th D aan die Vrije Universiteit in Amsterdam onder promotorskap van die bekende G C Berkouwer verwerf.

Van 1955 tot 1968 dien hy as predikant in die N G Kerk, met 'n kort onderbreking as professor aan Unisa. Hy het op wetenskaplike terrein sterk kontakte in Skotland, Duitsland, Switserland en die VSA opgebou. Tussen 1968 en 1971 is hy professor aan die Theologische Hogeschool van die Gereformeerde Kerke in Kampen. Sedert 1971 is hy verbonde aan die Kweekskool op Stellenbosch. Prof Jonker is o m ook lid van die Raad van die US.

'n Groot aantal prublikasies van wetenskaplike en meer populêre aard het uit sy pen verskyn en baie van sy preke en oordenkings is ook gepubliseer. Die afgelope 17 jaar behartig hy 'n geestelike rubriek wat wyd gelees word.

Prof Jonker ag die toekenning van die Totiusprys 'n groot eer. Hy bedank die Akademie en ook almal wat sy werk en belangstelling ondersteun en help moontlik maak het. □

Koshuise bereik mylpale

● HARMONIE WORD 85

HARMONIE, die oudste dameskoshuis aan die US, is vanjaar 85 jaar oud en oud-Harmoniete oor geslagte heen het van heinde en ver gekom on die verjaardag te vier.

Die koshuis is sedert 1918 onder beheer van die US.

Inwoners en gewese inwoners, oud en jonk, het op 'n dinee gesellig verkeer. Op die foto regs bo staan lede van die jonger geslag (agter vlnr) Sanet le Grange (primaria in 1989), die huidige primaria, Liesl Gerber, en Marie de Wit (HK-lid vir reünies) wat dié reünie gereël het. Voor is mev Marie Killian (gebore Pauw), die primaria van 1969, mev Susanna Rahl (De Jager), die oudste oud-Harmoniet teenwoordig, en mev Stephanie Muller, die prinsipale.

Op die foto regs onder word drie geslagte verteenwoordig, agter (vlnr) mej Sarina van Zijl, haar ouma mev Sarah Roux (Erasmus) en moeder mev Hermien van Zyl (Erasmus). Langs hulle is die Administrateursvrou van die Vrystaat mev Louise Botha (Spangenberg) en dr Emmerentia Schoombie. Voor sit mev Lettie Pretorius (Smit) die eggenote van 'n vorige Registrateur van die US, prof Faantjie Pretorius.

● HUIS DIV 'N HALFEEU

HUIS DE VILLIERS is vanjaar 50 jaar oud en 'n reünie is gehou wat die generasiegaping uitgewis (wel, bykans!) het. Die eerste 116 inwoners het in 1940 dié dameskoshuis betrek, wat vernoem is na mnr Arthur van der Lingen de Villiers, 'n weldoener van die Universiteit.

Die reünie is gereël deur Anéria Craven, kleindogter van dr Danie Craven, wat die primaria is. Op die eerste aand was daar 'n vingerete en registrasie en die volgende oggend het met 'n sjampanje-ontbyt begin. Daar was nie 'n formele program nie en oud-Huis Divvers kon die dorp of kampus na willekeur besoek. Die volgende aand was daar 'n hennedinee en huisvergadering. Die Sondagoggend is almal saam kerk toe.

Op die sjampanje-ontbyt het sake vrolik verloop. Op die foto links bo word glasies geklink deur (vlnr) Anéria Craven (primaria), mev Huibré Goosen (gebore De Wet, die Lentekoningin van 1941), mev Estée Anderssen (De Wet), twee HK-lede, Irma de Jager an Hanlie Joubert, en regs voor mev Renée de Vries (Weber), eggenote van die Rektor en Visekanselier, prof Mike de Vries.

Op die foto links onder is (vlnr) mev Renette Schroeder (Malherbe), Leonie le Roux (Neethling), Renée de Vries (Weber), Lenie Kotzé (Roos) en Jeanne Badenhorst (Rossouw).

Aanstellings en bevorderings

Prof Lategaan

DIE RAAD van die Universiteit het verskeie senior aanstellings, insluitende 'n nuwe dekaan en vier hoogleraars, goedgekeur.

Prof B C (Bernard) Lategan, 52, hoof van die Departement Bybelkunde, word op 1 Januarie 1991 dekaan van die US se grootste fakulteit, Lettere en Wysbegeerte. Dit is 'n heeltydse pos en hy neem oor by prof S P Cilliers (lees berig langsaan) wat einde vanjaar aftree.

Prof Lategan het die grade BA en MA albei *cum laude* aan die UOVS geslaag. Sy kandidaateksamen en lisensiaat in Teologie, wat aan die US afgelê is, het hy ook met lof geslaag. Nadat hy in 1967 'n doktorsgraad (Th D) aan die Johannes Calvijn Academie in Kampen, Nederland, behaal het, was hy sowat anderhalfjaar predikant op George. Hy is vervolgens as hoogleraar in Teologie aan die UWK aangestel. In Januarie 1978 is hy as professor en departementshoof in die Departement Bybelkunde aan die US aangestel en sedert 1988 is hy ook hoof van die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek in dié departement.

Prof Lategan het heelwat gepubliseer en is lid van verskeie organisasies, insluitende die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof G W (Garth) Milne, 41, is aangestel as hoogleraar in Aardsatellietstelsels in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. Hy beklee die Grinaker-leerstoel sedert 1 Julie vanjaar (lees berig op bl 24).

Prof Milne het voorgraads in die ingenieurswese aan die Natalse Universiteit gestudeer en die graad M Ing *cum laude* aan die US verwerf. Sy doktorsgraad het hy aan die Universiteit van Stanford in die VSA behaal.

Prof Milne was vroeër aan die WNNR se Nasionale Instituut vir Verdedigingsnavorsing verbonde.

Prof J S J (Jannie) van Deventer, 35, het op 1 Oktober hoogleraar in Metallurgiese Ingenieurswese geword. Hy was sedert Januarie 1987 medeprofessor.

Prof Van Deventer het al sy kwalifikasies in die ingenieurswese aan die US behaal, insluitende die graad Ph D. Hy is op die oomblik 'n ingeskrewe D Com-kandidaat aan Unisa.

Prof Van Deventer is 'n kundige op die gebied van mineraalverwerking, veral goudekstraksie, en sy navorsing het reeds wye internasionale belangstelling uitgelok.

Prof J V (Johan) Retief, 49, is sedert 1 November hoogleraar in die Departement Siviele Ingenieurswese.

Prof Retief het voorgraads aan die Universiteit van Pretoria gestudeer en daarná aan die Imperial College in Londen, die Londense Universiteit en die Universiteit van Stanford in die VSA – in 1978 het hy die graad D Sc in die Ingenieurswese (Siviel) aan die UP verwerf.

Voordat hy na die US gekom het, was hy aan die Atoomenergiekorporasie verbonde.

Prof B W (Ben) Smit, 39, word op 1 Januarie aanstaande jaar hoogleraar in die Departement Ekonomie. Hy is sedert April 1986 medeprofessor.

Prof Smit het al sy kwalifikasies, insluitende die graad D Comm, aan die US verwerf. Hy is sedert 1975 dosent in die Departement Ekonomie en was ook vir 'n tyd navorser aan die US se Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Dr S R (Sias) Grobler, 42, is op 1 Oktober vanjaar as Adjunk-direkteur van die navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde aan die US se Fakulteit Tandheelkunde aangestel. Hy is sedert 1982 aan dié instituut verbonde.

Dr Grobler beskik oor twee doktorsgrade – 'n D Sc in Analitiese Chemie wat hy in 1976 aan die UOVS verwerf het en 'n Ph D in Geneeskundige Wetenskappe wat in 1982 deur die US aan hom toegeken is. Sy ander kwalifikasies het hy ook aan die UOVS behaal.

Dr J J (Jan) Doppegieter, 31, word op 1 Januarie aanstaande jaar medeprofessor in die Departement Bedryfsekonomie. Hy het aan die Universiteit van Rotterdam en Stellenbosch gestudeer – die graad Ph D is verlede jaar deur die US aan hom toegeken.

Dr Doppegieter is sedert 1984 aan die US verbonde en het in 1986 senior lektor in die Departement Bedryfsekonomie geword. Vroeër was hy in diens van 'n oliemaatskappy in Kaapstad. □



Dr Grobler

Prof Milne

Prof Retief



Prof Smit

Prof Van Deventer

Dr Doppegieter

Elf dosente tree af



Prof Cilliers



Prof Louw

ELF senior dosente, insluitende twee dekane, tree einde vanjaar ná lang dienstydperke aan die Universiteit af.

Prof S P Cilliers, doyen van Sosiologie in Suid-Afrika, tree as dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte af. Hy was sedert 1948 dosent aan die US en het op 1 Julie 1957 hoogleraar geword. Hy is die senior professor aan die Universiteit en het al sy kwalifikasies aan die US verwerf.

Prof H A (Hennie) Louw tree as dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe af nadat hy sedert 1952 dosent (in Mikrobiologie) aan die US was. Hy het in 1961 professor geword en is die naassenior hoogleraar aan die US. Hy het aan Stellenbosch en Aberdeen (Skotland) gestudeer.

Prof D K (Daantjie) Strydom tree as professor in Hortologie af nadat hy sedert 1960 aan die US dosent was. Hy het in 1969 professor geword en het aan die US en die Universiteit van Kalifornië gestudeer.

Prof C H (Chris) van Niekerk tree as hoogleraar in Mens- en Dierfisiologie af – hy was sedert 1963 aan die US verbonde. Prof Van Niekerk het in die Veeartsenykunde aan die UP gestudeer.

Prof C L (Chris) Wicht tree af as professor in Gemeenskapsgesondheid. Hy het aan die UP en oorsee gestudeer en is sedert 1957 dosent. Hy het in 1970 professor geword.

Prof M M B (Basson) van Rooyen tree af as hoogleraar in Oogheelkunde. Hy is op 1 Januarie 1979 in dié pos aangestel. Prof Van Rooyen het aan die UK en die US getudeer.

Prof C J (Swanie) Swanevelder tree af as hoogleraar in Geografie. Hy is reeds sedert 1960 dosent en het in 1980 professor geword. Hy het al sy kwalifikasies aan die US verwerf.

Prof L C J (Boet) van Rensburg tree af as hoogleraar in die Departement Chirurgie. Hy het aan die UK gestudeer en is sedert 1982 professor aan die US.

Prof C J (Charl) du Ry het einde April afgetree as professor in Beeldende Kunste, 'n pos wat hy sedert 1986 beklee het. Hy was voorheen dosent aan die UK en het o m aan die Sorbonne in Parys gestudeer.

Dr H W (Hermann) Stindt tree as senior lektor in Biochemie af, 'n pos wat hy sedert 1965 beklee het. Hy het in Bonn gestudeer en in 1956 na Suid-Afrika gekom.

Mnr J H (Jan) Nel tree as direkteur van die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys af. Hy was sedert 1970 aan die US verbonde. Hy het al sy kwalifikasies aan Stellenbosch verwerf. □

Prof Strydom



Prof Van Niekerk

Prof Wicht

Prof Van Rooyen

Prof Swanevelder

Prof Van Rensburg

Prof Du Ry



Dr Stindt

Mnr Nel

Admin groet staatmakers

VYF manne van die Universiteits-administrasie waarmee duisende Oud-Maties te make gehad het, het vanjaar die tuig neergelê ná 'n gesamentlike dienstydperk van langer as 145 jaar. Hulle is mnre J R Olivier, D E van Niekerk, L M Toerien, J Goosen en W de W Bronkhorst.

Mnr Jacobus Robert (Koos) Olivier tree einde Desember vanjaar af as Registrateur – 'n pos wat hy sedert begin 1985 beklee.

Mnr Olivier is op 23 Oktober 1930 op Oudtshoorn gebore. Hy het in 1947 aan die Hoër Seunskool op dié dorp gematrikuleer en hom daarná aan die US ingeskryf waar hy die grade BA, B Ed en M Ed verwerf het. As student was hy onder meer primarius van Wilgenhof (1953 – 54), hoofredakteur van Die Matie (in 1950 en 1951) en leier van die fondsinsamelingstoergroep vir die Langenhoven-gedenksaal (die Jan Pierewietgeselskap in 1952). Hy het ook in die eerste sokkerspan van die Universiteit gespeel.

In 1955 het hy tot die onderwys toegetree. Sy eerste pos – as onderwyser in Afrikaans – was aan die Hoërskool Martin Oosthuizen op Kakamas. Hy het daar skoolgehou tot einde 1956 en van 1957 tot 1960 was hy leerkrag aan Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch.

Sy loopbaan aan die Universiteit het in 1961 begin toe hy in 'n administratiewe pos aangestel is. Hy het in September 1970 Adjunk-registrateur (Akademies) geword en in 1985 Registrateur.

Sy amptelike aftreedatum is 31 Desember vanjaar – ná presies drie dekades in diens van die US.

Mnr Daniël Emmanuel (Sonkie) van Niekerk tree einde Desember vanjaar af as Assistent-registrateur (Kursusse). Hy het sy loopbaan in die Universiteits-administrasie op 1 Januarie 1964 begin.

Mnr Van Niekerk is 'n Oos-Kapenaar. Hy is op 8 September 1928 gebore en het in 1945 op Fort Beaufort gematrikuleer. In 1948 verwerf hy die graad BA aan die US. Aan die begin van 1949 het hy in diens getree van die Kommissie vir Administrasie in Pretoria – destyds was dit as die Staatsdienskommissie bekend. Van 1952 tot 1954 was hy aan die kantoor van die Prokureur-generaal op Grahamstad verbonde waarná hy besluit het om in die distrikte Cathcart en Fort Beaufort te gaan boer.

Mnr Van Niekerk was op sy dag 'n puik sportman en het provinsiale kleure in pluimbal verwerf. Hy speel steeds 'n lekker pot tennis.

Wanneer hy einde Desember vanjaar aftree, sal hy presies 27 jaar in diens van die Universiteit gestaan het.

Mnr Lourenz Marthinus (Rons) Toerien tree einde Desember vanjaar af as Assistent-registrateur (Algemeen). Hy het op 1 April 1964 in diens van die US se administrasie getree.

Mnr Toerien is op 27 Oktober 1928 op Nieuwoudtville gebore. Hy het aan Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch gematrikuleer en eers by 'n versekeringsmaatskappy gewerk voordat hy in 1949 aan die US ingeskryf het vir die graad BA. Nadat hy BA en SOD verwerf het, het hy etlike jare onderwys gegee in Namibië en die Vrystaat voordat hy in 1964 in diens van die US getree het. In 1966 het hy die graad B Ed deur deeltydse studie aan die US behaal.

Mnr Toerien het as bestuurslid van die Rapportryerskorps op Stellenbosch gedien en was ook lid van die kultuurraad van die FAK.

As student het hy rugby gespeel en ook op die atletiekveld uitgeblink.

Mnr Johan Goosen het einde Maart vanjaar afgetree ná 'n dienstermyn van 40 jaar en een maand. Met sy aftrede was hy Hoofstelselontleder in die Afdeling Administratiewe Rekenaarstelsels.

Mnr Goosen is 'n Stellenbosser in merg en been – hy is op 17 November 1929 op dié dorp gebore, het daar skoolgegaan en het aan die US die graad B Comm verwerf. Hy het einde 1949 afgestudeer en is op 1 Maart 1950 in die Administratiewe personeel as Registerklerk aangestel. Toentertyd was daar maar sowat 2 500 studente aan die US en die ganse administratiewe personeel het bestaan uit die Rektor, Registrateur, Assistent-registrateur, Rekenmeester, Assistent-rekenmeester, nege klerke en vier tiksters!

Mnr Goosen, 'n Springbok-bofbalspeler, het onder vier Rektore gedien, t w proff Bobby Wilcocks, H B Thom, Jannie de Villiers en Mike de Vries.

Mnr Wouter de Wet (Woutie) Bronkhorst het einde September vanjaar afgetree nadat hy sedert Augustus 1969 in diens van die US was.

Hy is op 16 September 1930 in Bloemfontein gebore en het die graad B Comm in 1952 aan die US verwerf. Hy was etlike jare in die versekeringsbedryf en het o m in Johannesburg, Pretoria en Harare gewerk voordat hy as Senior Administratiewe Beampte in die Afdeling Finansies aan die US aangestel is.

Met sy aftrede was mnr Bronkhorst Persoonlike Assistent van die Vise-rektor (Bedryf).

Saam 145 jaar diens

Vyf senior lede van die Administratiewe personeel wat vanjaar aftree, is voor (vlnr) mnre Koos Olivier en Sonkie van Niekerk en agter (vlnr) mnre Rons Toerien, Johan Goosen en Woutie Bronkhorst.

Dermatoloog oor VIGS

deur Malene Breytenbach



Dr Francois Jordaan

"MENSE móét daaroor ingelig word. Dit is ingeligtes se plig om ander oor VIGS in te lig." So sê dr Francois Jordaan van die US se Departement Dermatologie aan die Fakulteit Geneeskunde op Tygerburg-kampus.

Maar waarom met 'n dermatoloog oor Verworwe Immuungebrek Sindroom (VIGS) praat? Die rede is dat die vel een van die teikenorgane van dié siekte is. Dit is veral infeksies wat by die dermatoloog voordoen – alledaagse infeksies neem erge afmetings aan of eksotiese infeksies mag verskyn.

Projeksies toon dat dié siekte 'n stygende fase binnegaan. Die syfers is amptelik 4 500 HIV-positief-geregistreerde mense in die land en 430 gerapporteerde VIGS-gevalle waarvan 'n aantal deur Tygerberg-hospitaal behandel is en word. Die helfte is reeds oorlede, maar daar word gevrees dat ongerapporteerde HIV-positiewe gevalle tien keer so hoog soos die gerapporteerde syfer kan wees. Die virus is in 1981 ontdek en die sindroom is in 1984 behoorlik gedokumenteer – en dit is maar onlangs, sê dr Jordaan.

VIGS, wat deur 'n virus veroorsaak word, ontwikkel in 10 tot 25% van seropositiewe (positiewe bloedtoets) pasiënte binne vier tot ses jaar. Dr Jordaan sê die risiko van kontaminasie vir geneeshere is vir alle praktiese doeleindes beperk tot naald-beserings. Enige vermenging van bloed kan egter die virus oordra. Die risiko is dus eintlik gering. Hyself het sy eerste VIGS-pasiënt in 1988 gesien – 'n homoseksueel wat binne 14 dae aan kanker van die brein dood is.

Hy benadruk die feit dat HIV-siekte alle organe en sisteme kan aantas en dus alle vertakkings van die geneeskunde betrek. Klassieke teikenorgane is die vel, brein, lewer, spysverteringskanaal en veral die longe. Daar is dus nie net dermatoloë wat betrek word nie. Wat ook kenmerkend van die siekte is, is die ontwikkeling van Kaposi-sarkoom. Dit is 'n kwaadaardige gewas van bloedvate wat aan die romp of gesig verskyn.

Syfers in Afrika is baie hoog, veral in Malawi en Tanzanië, en veral langs die roete van die afleweringsvragmotors. Tans is die gevalle wêreldwyd sowat 700 000, met die projeksie van vyf tot ses miljoen in die jaar 2000.

"Mense moet hieroor gewaarsku word," sê dr Jordaan.

Vakdidaktiek hou simposium

'n Nasionale Vakdidaktiek-simposium, wat op 28 September in die US se Fakulteit Opvoedkunde gehou is, het wye belangstelling uitgelok. Met die tema, "Skoolvakkurrikula in die RSA," was dit veral in die lig van die RSA se onderwyssituasie van groot aktuele belang. Prof Norman Graves van die Universiteit van Londen, was die hoofspreker en het saam met dr Schalk Walters, Direkteur van die KOD, twee van die vier hoofreferate voorgedra – die ander twee is gelewer deur mnr Michael O'Dowd, direkteur van Anglo American, en Prof A J Thembela, Vise-rektor van die Universiteit van Zoeloeland. Nog 153 referate is voorgedra en ook 12 plakkaatsessies. Prof Graves (middel voor) en dr Walters (regs voor) is hier saam met prof Chimpie Cawood (links voor) waarnemende Dekaan, dr Mike Smit (links agter), hooforganiseerder van die simposium, en prof Piet Human, voorsitter: Vakdidaktiek-reëlingskomitee.



Russe kuier by die US

'n Groep Russiese studente en hulle dosent het die Departement Afrikaans-Nederlands in Oktober besoek. Hulle praat byna vlot Afrikaans en is verbonde aan die Departement Afrikanistiek aan die Universiteit van Moskou wat veral met Suid-Afrika te maak het. Hulle was gaste van die uitgewers Human en Rousseau en Tafelberg en het verskeie Suid-Afrikaanse universiteite besoek. Hier is (vlnr) Hriapov Victor, Balakin Dmitry, Pieterskij Albert, prof J P Smuts van die US, mnr Andrei Ignatenko (dosent) en Andrei Stoliarov.

SPESIALE OUD-MATIE AANBOD

KRY INSIG

- INSIG **in die politieke skaakspel in Suid-Afrika?**
- INSIG **in wêreldsake?**
- INSIG **in mediese prestasies, sterrekunde en wetenskap?**
- INSIG **in die kunste & lettere?**



Om 'n behoorlike INSIG in al hierdie en ander sake te kry, moet jy INSIG kry!

Suid-Afrika se voorste meningsvormende tydskrif



Vir u gratis kopie, stuur die vorm, of skryf aan die ondergenoemde adres

Ja – stuur vir my 'n gratis kopie van INSIG

Naam: .....

Adres: .....

.....

Poskode: ..... **Beroep:** .....

Aan: Insig
Posbus 53171
Troyeville 2139

NMB, JHB 4055

Steeds skerp, Steeds flink, Steeds besig

Die bekende prof Gawie Cillié het op 13 Julie vanjaar 80 geword. Dr Klein Gawie, soos hy jare gelede aan sy studente bekend was, is steeds flink, steeds 'n skerp denker met 'n deernisvolle humorsin. Hy het reeds 'n verbintenis van meer as 51 jaar met Stellenbosch en Matieland en is met reg een van ons land se bekendste en mees bekroonde akademici, 'n man van vele talente. MALENE BREYTENBACH het met hom gesels:

PROF Gawie is op Stellenbosch gebore en getoë, maar sy en sy oorlede vrou Hettie se vurige lojaliteit is ook getemper deur verblyf in ander provinsies en aan ander universiteite. Dit is nie net Stellenbosch wat die voorreg geken het om hulle in die gemeenskap te hê nie.

Hy is die derde van sewe kinders, onder wie prof Piet Cillié, tans voorsitter van die direksie van die Nasionale Pers. Hulle vader was prof Gawie Cillié sr, dekaan van Opvoedkunde en die eerste Rektor ná universiteitswording. "My vader was filosoof en onderwyser," sê prof Gawie, "my moeder was intelligent en 'n leier." Eienskappe wat aan hul kinders oorgedra is.

Stellenbosch was nog klein en stil in daardie dae, 'n hegte gemeenskap. Die Cillié-kinders moes Saterdae vir hul vader in die tuin help en voorts kon hulle uit 'n groot "voorraad" maats kies om mee te speel.

Prof Gawie is vroeg skool toe en het matriek op 15-jarige ouderdom aan die Hoër Jongenskool, wat tans Paul Roos-Gimnasium is, geslaag. Hy was altyd die jongste in sy klas, maar het altyd onder die eerste drie gestaan. Op dié jong leeftyd het hy ook deeglik met die musiek kennis gemaak en dit met ywer aangepak omdat hy daarvoor lief was, soos wat hy vir Wiskunde lief was. Sy moeder was leieralt in prof Jannasch se koor in die Moederkerk en haar kinders het beurte geneem om in die orrelgalery te sit. Later het prof Gawie orrel by prof Jannasch geneem, asook koorsang. Dáár het sy eerste treë op die pad van musiek begin.

Binne vier jaar het hy aan die Universiteit van Stellenbosch die grade B Sc en M Sc verwerf. Met die toekenning van 'n Rhodes-beurs is hy vervolgens na die Universiteit van Oxford in Engeland, na Hertford College, om Astrofisika onder die wêreldbekende prof Milne te studeer. Hy moes hard werk, maar het sy doktorsgraad op die vroeë ouderdom van 22 verwerf.

Dit was by 'n ete vir Rhodes-beurshouers dat hy langs 'n Amerikaner gesit het. Dié blyk toe die sekretaris van die Harkness-fonds te wees, die Amerikaanse eweknie van die Rhodes-beurs. Die gevolg was dat hy aan Harvard gaan navorsing doen het, die voorste Amerikaanse universiteit wat Sterrekunde betref.

Tydens sy oorsese studie het hy ook nie sy musiek verwaarloos nie. Hy was lid van die Bach-koor in Oxford en 'n koorlid van die Harvard Glee Club.

In 1935 wou hy terugkeer – dit was die jare van die Depressie. Sy Rhodes-beurs-agtergrond het dit vir hom moontlik gemaak om 'n pos as junior lektor in Toegepaste Wiskunde aan Wits te kry. In 1938 nooi die hoof van die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria hom egter om om 'n pos van senior lektor aansoek te doen – hy kon nie weier nie. Ondertussen het hy aan Hettie Murray, 'n aanvallige Huishoudkunde-onderwyseres wat ook van Stellenbosch was, verloof geraak. In Julie sou hulle trou.

In April het dit rugbaar geword dat die hoof van die Departement Wiskunde aan die US van plan was om af te tree. "Ek was verwaand, het aansoek gedoen . . . en die pos gekry," vertel prof Gawie.

In 1939 was hy toe hoogleraar in Wiskunde saam met prof E T Stegmann. Hulle het sowat 200 studente gehad. Byna onmiddellik is hy gevra om as orrelis van die Moederkerk in te val en ook 'n koor te stig.

Van toe af was daar nie weer 'n ledige oomblik nie. Hy moes ook die US-koor, wat ná die dood van sy stigter, mnr William Morris, ophou bestaan het, op versoek van die studente weer op die been bring. As die tweede dirigent het hy die koor 15 jaar gelei, totdat prof Philip McLachlan by hom oorgeneem het. In 1946 word hy die Kweekskoolkoor se eerste dirigent en begin die Sangfees op versoek van die studente. Daar was tye dat hy tot vyf kooroefeninge per dag moes hanteer.

In 1975 het hy afgetree, maar in werklikheid was dit weer die begin van 'n nuwe lewe. Die UOVS het hom genooi om daar dosent in Kerkmusiek te word, 'n pos wat hy sewe jaar beklee het. Saam met die bekende mnr Dirkie de Villiers het hy die koraalboek vir nuwe gesange opgestel. So gelukkig was hy en sy vrou Hettie in die Vrystaat dat hulle dié tydperk as "die kersie op die koek van hulle huwelikslewe beskou het", sê prof Gawie.

Hulle het teruggekeer en prof Gawie het president van sy Alma Mater se Konvokasie geword. Hy sou dié amp ses jaar met waardigheid volstaan. Later het die UOVS aan hom 'n eredoktorsgraad verleen en die Staatspresident het hom met Suid-Afrika se hoogste burgerlike verering, die Dekorasie vir Voortreflike Diens, vereer. □

Net so lief soos wat prof Gawie vir wiskunde en sterrekunde is, is hy ook vir musiek. Hierdie treffende foto is bykans 30 jaar gelede deur Christo S Botha van Stellenbosch geneem.

Toe vang Koos tóg 'graad'...

deur Tex de Swardt

MISKIEN is dit juis gepas dat in die jaar waarin Koos Meyer 70 word 'n ongeregtigheid in die reine gestel word. Die populêr aanvaarde, vermeende feit dat Koos Meyer nie gegradueerd is nie, is foutief. Ek was teenwoordig, trouens, ek was aandadig aan 'n plegtigheid waar Koos "graad" gevang het!

Vanweë die feit dat ons ver van die kampus verwyder was, moes ek noodgedwonge vir die Registrateur (Akademies) instaan en my goeie vriend, wyle prof. Christof Hanekom, het as "Kanselier" waargeneem. Dit was nadat ons behoorlik verkose verklaar is deur die aanwesige lede van die "Konvokasie" – so omtrent, ongeveer, plus-minus sewe in totaal . . .

Die aanloop tot die "gradeplegtigheid" was 'n Oud-Matiesaamtrek op Vredendal. Christof was die geleentheidspreker en Koos Meyer was as gas van die landbougenootskap toevallig in die kontrei.

Ná die funksie het die gesegde sewe lede van die "Konvokasie" die sukses van die geselligheid gaan bespreek in 'n nabygeleë lokaal met die interessante naam, "Roodeberg Steakhouse".

Die besprekings, mosies, bedankings, e s m, het uiteraad lank geduur. Teen die einde is 'n onbestrede mosie aanvaar: Koos Meyer moet sy "graad", wat volgens hom weggeraak het, vanaand ontvang. Gelukkig was Oud-Matie en destydse burgemeester Frikkie Swanepoel, bereid om vir die duur van die plegtigheid sy dorp as "satellietkampus" te verklaar – net om binne die statute van die Universiteit te bly.

Prof Hanekom, behoorlik daartoe gemagtig deur die aanwesige lede van die "Konvokasie", het sy plek as "Kanselier" ingeneem. Sy ampsbekleding was 'n rooi tafeldoek van (ek meen) tafel 2 en as hoofdeksel was hy met een van die servette getooi.

In die tradisie van die vele en geroemde Matieland-paaie wat Koos Meyer lank gelede geloop het, is hy nie gekap nie, maar plegtig deur die "Kanselier" met 'n glasie rooi wyn op die kop getik (was dit Tassies Koos?) Ná 'n gepaste woord deur die "Kanselier" en 'n breedsprakige antwoord deur die "graduatus", het 'n lang reeks dankbetuigings en gelukwense gevolg.

Nadat ons plegtig die Universiteitslied gesing het – en nog baie ander liedere ook – het die "Konvokasie" verdaag.

Die "graadsertifikaat" se bewoording – op die rugkant van 'n imposante spyskaart – het gelui:

> *"In die nag van 15 Augustus 1984, toe die akademie verraai is, is 'n onbekende graad, in opdrag van 'n kongregasie van die Konvokasie, aan Koos Meyer toegeken deur 'n waarnemende Kanselier kragtens statutêre gesag en andersins aan hom verleen."*

Toe ek en die "waarnemende Kanselier" Stellenbosch die volgende dag bereik, was ons moeg, tam en uitgeput van ons "amptelike verpligtinge" en die baie liedere...

- **'n Ruk gelede het ek Koos weer raakgeloop. Hy deel my toe mee dat sy graad weer weggeraak het en vra ewe beleefd of ek nie kan reël vir 'n hereksamen nie!**

Tex de Swardt wink Koos Meyer na die mikrofoon die aand met die 'gradeplegtigheid' op Vredendal.

KOOS MEYER was 50 jaar gelede 'n eerstejaar aan die US. Hy het hom vir die graadkursus LO ingeskryf, maar meen vandag hy moes veel eerder Beeldende Kunste gedoen het omdat hy sy hele lewe lank nog skep - van sy skeppinge is selfs die besitting van die Staatspresidentsvrou. Gedurende die jare veertig was hy vir soveel pret verantwoordelik op die kampus, het hy mense soveel poetse gebak, was hy so 'n platjie dat hy vandag nog ewe bekend daarvoor is. Steeds lag almal oor hoe hy hom as die bekende Amerikaanse akteur, Tyrone Power voorgedoen het, hoe hy sy pa laat weet het hy het 'n koei nodig om spierbeweging vir Fisiologie te bestudeer, hoe hy gereeld 'n motor sonder enjin langs die pad na die Strand gestoot, mense gestop om van sy "dilemma" te vertel en op dié manier gereeld 'n geleentheid Strand toe gekry het, selfs vir Stalin 'n leeu Rusland toe gestuur het (en daarvoor bedank is), ensovoorts en so meer... Koos Meyer het op 19 November sy 70ste verjaardag gevier. "Al is ek nou amptelik 'n 'oldie' kry jy my nie by een van daardie 'parties'vir senior burgers waar tee, koekies en 'fudge' bedien word nie, daarvoor is my gees te jonk." Maar is hy net 'n grapjas? Hy het onlangs weer sy Alma Mater besoek vir opnames van die gewilde TV-program, Spies en Plessis. 'n Man wat Koos goed ken, is **JAN SPIES**, mede-aanbieder van vermelde TV-program en ook voorste taalkundige, uitmuntende raconteur en beleidsdirekteur van Die Republikein-groep in Windhoek. Hy vervolg:

KOOS:

"Hy is baie naby so 'n fyn waarnemer soos Eugéne Marais, maar waar Marais kon skryf, kan Koos práát".

'n Wetenskaplike Damaskuslig moes Koos Meyer in sy studentedae op Stellenbosch geslaan het. Min van sy tydgenote sou dit weet en hiervoor was Koos self in 'n groot mate verantwoordelik. Die meeste had van hom 'n ander herinnering:

- Vir hulle was hy die grapmaker, die nar wat nooit niks geleer het nie.
- Vir baie was hy die gesel wat dit wat oneg was, kastei het.

SKENKINGS

• NKV

Die president van die Nasionale Kankervereniging (NKV), prof J. D. Anderson (tweede van links), oorhandig hier 'n tjek van R139 900 vir kankernavorsing aan die US se Fakulteit Geneeskunde. Die dekaan, prof H. P. Wassermann, verskyn regs. Die ander op die foto is almal kankernavorsers: (vlnr) staan dr M. H. Ricketts, mnr M. Vandenplas, dr P. D. van Helden en proff P. B. Hesseling en J. A. van Zyl.

• MILBORROW



Milborrow Dieregesondheid het onlangs 312 sinchronisasie-sponsies en serum vir dragtige merries ter waarde van R5 000 aan die embrio-oorplasingsprojek van die US se Departement Mens- en Dierfisiologie geskenk. Op die foto verskyn mnr Gerhard Steenkamp (links) van Milborrow en dr Danie Barry, die projekleier.

• MEDI CLINIC

Die Medi Clinic-korporasie het onlangs 'n skenking aan die Departement Verpleegkunde gedoen. Hier oorhandig mnr G H Lewis van Medi Clinic die tjek aan prof E B Welmann, hoof van die Departement Verpleegkunde. Links is die korporasie se groepshoofmatrone, matrone Tollie Lamprecht.

• ELI LILLY

Die onderneming Eli Lilly het die afgelope sewe jaar reeds R95 000 bygedra tot die instandhouding van die Farmakologie/Toksikologie-konsultasiesentrum in die Departement Farmakologie. Hier het mnr L Odendaal van Eli Lilly pas die jongste bydrae aan dr G J Müller, (links) hoof van die sentrum, oorhandig. Regs staan prof P P van Jaarsveld, hoof van die Departement Farmakologie.

• BRISTOL MYERS SQUIBB



Mnr Peter von Hoësslin, hoofbestuurder (farmaseuties) van Bristol Myers Squibb, oorhandig 'n tjek van R20 000 aan prof H P Wassermann, dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, vir aanwending in die Tygerberg Academica-fonds. Bristol Myers Squibb het nou reeds R60 000 geskenk, die meeste nog deur'n farmaseutiese onderneming aan die Academica-fonds.

• OU MUTUAL

Begaafdes baat

DIE versekeringsmaatskappy, Ou Mutual, het R250 000 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Die geld is vir 'n spesiale leningsfonds vir begaafde studente en sal as die Ou Mutual-leningsfonds bekend staan.

Dié aankondiging is in Augustus op Stellenbosch deur dr Jan van der Horst, wat vroeër vanjaar as voorsitter van Ou Mutual uitgetree het, gedoen. Dr Van der Horst, wat ook Kanselier is van die US, het gepraat op 'n saamtrek van oud-SR-voorsitters. (Die saamtrek vind elke jaar op die vooraand van die Intervarsity teen die Ikeys plaas.)

Dr Van der Horst het op dié geleentheid waar hy die eerste paaiement van R50 000 van die beloofde R250 000 – dit word oor vyf jaar geskenk – aan prof Mike de Vries, Rektor van die US, oorhandig het, gesê universiteitsopleiding, tesame met 'n dinamiese onderwysstelsel, gaan Suid-Afrika se gemeenskaplike toekoms bepaal. Stellenbosch het al oor en oor bewys dat hy 'n sentrum vir uitnemendheid is en hy verdien steun van hierdie aard sodat hy kan voortgaan om toenemend mense vir die hoogste vlak van uitvoerende bestuur te lewer.

"Stellenbosch verdien dus ons almal se hulp en bystand. Dit is 'n inrigting wat kwaliteitmense kweek, mense wat daartoe bydra om die kundigheidsvlakke in die land te verhoog en 'n groot aandeel het aan die vestiging van 'n voorspoedige en vooruitstrewende land," het dr Van der Horst gesê.

***Dr Van der Horst** (links) het hier pas die eerste R50 000 van 'n beloofde R250 000 van Ou Mutual aan die Rektor, prof Mike de Vries, oorhandig. Die oorhandiging het op 'n saamtrek van oud-SR-voorsitters plaasgevind.*

SKENKINGS

• RUMEVITE

***Dr Gerhard Louw** (links), besturende direkteur van Rumevite, grootskeepse vervaardigers van veevoer en ander middele vir die landbou, oorhandig hier 'n toekenning en daarmee saam die J L Irvin-Rumevitebeurs van R3 500 vir nagraadse studie in Skaap- en Wolkunde aan mnr James Sales. Mnr Sales is 'n honneursstudent in Skaap- en Wolkunde (Voedingsleer). Die Dept Skaap- en Wolkunde het vanjaar 'n trotse mylpaal bereik: sy 25ste bestaansjaar.*

• TRANSNET

Transnet het in Julie vanjaar R199 255 aan die US se Fakulteit Ingenieurswese geskenk. Die tjek is aan die Rektor en Vise-kanselier, prof Mike de Vries (regs), oorhandig deur mnr Gert Benade, groephoofbestuurder: mannekragdienste van Transnet.

• SANLAM



Sanlam het in Julie vanjaar 'n bedrag van R11 000 aan die US gegee. Dié geld sal in die Departement Ekonomie aangewend word. Die besturende direkteur van Sanlam, mnr Pierre Steyn, oorhandig hier die tjek aan die US se Rektor en Vise-kanselier, prof Mike de Vries.

Standard skenk meer vir beurse

STANDARD BANK, wat sedert 1985 reeds R883 500 vir merietebeurse aan US-studente geskenk het, het vanjaar die eerste keer ook aan nagraadse studente soortgelyke beurse gegee. Dié bank het vanjaar R77 000 aan 15 eerstejaar- en 16 nagraadse studente geskenk.

Waar in die verlede 'n eenmalige beursskenking aan presterende eerstejaars geskenk is, skenk Standard Bank voortaan benewens aan nagraadse studente, ook nog aan al die betrokke studente in hulle toekomstige jare van studie.

Mnr Olof Bergh, streekhoofbestuurder van Standard Bank in Wes-Kaapland, het aan die 15 eerstejaars elk 'n beurs van R3 000 gegee en aan die 16 nagraadse studente elk R2 000. Die eerstejaars sal in hulle toekomstige jare van studie op voorgraadse vlak elke jaar beurse van R2 000 ontvang en die nagraadse studente elk R2 000 per graad tot op doktorale vlak.

"Ons beursskema is 'n belegging in uitnemendheid. Die merietebeurse aan US-studente het in status gegroei en saam met studentelenings teen gunstige koerse, maak Standard Bank dit vir studente moontlik om hulle vir beroepe te bekwaam. Op dié wyse word wederkerige langtermynbetrekkinge tussen Standard Bank en toekomstige professionele mense opgebou", het mnr Bergh gesê.

Die US se Rektor, prof Mike de Vries, het op die oorhandigingsplegtigheid gemeld dat Standard Bank se beursskema 'n belegging is in mense met potensiaal. "En dié belegging, deur een van die Universiteit van Stellenbosch se grootste donateurs, sal oor sowat twee jaar reeds R1 miljoen beloop".

• STANDARD BANK



Die ontvangers van Standard Bank-merietebeurse verskyn hier saam met mnr Olof Bergh, streekhoofbestuurder van Standard Bank in Wes-Kaapland. Hulle is (vlnr) mnre Marius du Plessis en Frederick White en mej Jenny Case.

• SANTAMVERSEKERING

Santamversekering het R10 000 aan die US geskenk. Mnr Danie de Stadler, bestuurder van Santamversekering op Stellenbosch, oorhandig die tjek aan mnr Sunley Uys (links), direkteur van die US Stigting. Die helfte van dié skenking is vir die Departement Bedryfsekonomie en die res is ongebonde.

SKENKINGS

• NBS

Die Natal Bouvereniging (NBS) het onlangs R2 000 aan die US geskenk. Mnr M Frobus van die NBS het pas hier die tjek aan die Rektor en Visekansellier, prof M J de Vries, oorhandig.

voorskrifte gebou word. Die koper kan egter binne 'n voorgeskrewe prysreeks sy eie afronding soos matte en ligtoebehore kies.

Paradyskloof sal uitgebreide ontspanningsgeriewe bied. Dit sluit in 'n sonkamer met uitsig oor 'n varswaterdam wat vir die geesdriftige hengelaar visse in oorvloed bied. So nie, kan die inwoners die aftree-oord sy eie dameskroeg, 'n gazebo vir skemerdrankies en 'n selfbedienings-eetkamer.

Veiligheid

Vir sekuriteit word daar gesorg met 'n veiligheidshek en -wagkamer, 'n alarmskakelaar in elke huis en radiobeheerde motorhuisdeure.

wees, wat die Huiseienaarsvereniging sal verteenwoordig. Die Trustees sal bygestaan word deur die Besturende Agente, om geldsake te hanteer, asook 'n Bestuurder op die perseel, wat aan die Raad van Trustees moet verslag doen. Die Bestuurder sal bygestaan word deur 'n span bestaande uit verpleegpersoneel, 'n opsigter, asook tuin-, kombuis- en skoonmaakpersoneel.



Argiteks-tekening van die meenthuise in Paradyskloof Villas.

fiks bly met 'n potjie tennis of 'n paar lengtes in die swembad, terwyl daar vir die selfdoeners 'n spesiale stokperdjiekamer beplan word.

Van die Kaap se beste restaurante is net 'n hanetree van Paradyskloof af, maar as 'n mens 'n stiller leefwyse verkies, bied

As 'n mens siek word, sal Paradyskloof 24 uur per dag professionele verpleegdienste hê, asook 'n gesondheidsorgsentrum vir mense wat vir langer tye ongesteld raak.

Die bestuur van die projek sal die verantwoordelikheid van die Trustees

Paradyskloof is ontwerp om mense te lok met 'n aanvoeling vir 'n sorgelose leefwyse wat gehalte, veiligheid en genieting bied. Om meer besonderhede, skakel Proplan, telefoonnommer (021) 92-8001. □

GENIET U AFTREEJARE IN LANDELIKE STYL



Knus tussen die voue van die berge en die vallei van Stellenbosch, is Paradyskloof Villas ongetwyfeld in een van die heel mooiste dele van Suid-Afrika geleë. 'n Idilliese omgewing vir u aftreedae.

Die Oord wat bestaan uit 2-, 3- en 4-slaapkamer simpleks-meenthuise, vul die omgewing pragtig aan. Dit bied beide onafhanklikheid en warme samesyn asook 'n rits geriewe insluitende 'n swembad, tennisbane en nabygeleë gholfbaan.

Die Gemeenskapsentrum bestaan uit 'n eetkamer, sitkamer en dameskroeg met 'n sonstoep wat uitsig bied oor die varswater dam.

U gemoedsrus en welsyn word hier by Paradyskloof verseker met uitgebreide sekuriteitsmaatreëls, 'n Gesondheid-sorgsentrum met opgeleide personeel en 'n inwonende bestuurder.

Kom vind 'n nuwe tuiste by Paradyskloof. 'n Tuiste wat 'n goeie belegging is; maar wat bowenal vir u vrede en geluk kan bied.



ADMIX 14/210/A

• **Promosie-artikel**

'n Toekoms met 'n grasieuse herkoms, naby die kus

Wens jy ook soms jy kan terugkeer Stellenbosch toe, na die dorp van jou sorgelose studentejare? Dan is Paradyskloof net vir jou!

Paradyskloof Villas nestel in die Stellenbosch-vallei, beskut deur die indrukwekkende Hottentots-Holland- en Jonkershoekberge.

Dié nuwe aftreedorp beskik nie net oor die ontwikkelingskundigheid van Proplan, gerugsteun deur die United Ontwikkelingskorporasie nie, maar is uniek geleë en omring deur van die mooiste natuurskoon in Suid-Afrika.

Paradyskloof is digby die Stellenbosch-gholfbaan en sal mooi en instandgehoude tuine hê met waardige eike en ander bome soos ambers, esdorings, geelhoutbome en populiere — ideaal vir 'n verskeidenheid voëllewe. Vanweë die unieke omgewing is die tuine reeds aangelê en die meenthuise is rondom die bestaande bome en struike beplan om die ekologie so min as moontlik te versteur.

Oud-Maties

Dié aftree-oord sal beslis gewild wees by Oud-Maties wat jare lank hul beroepe in die binneland beoefen het, maar altyd daarvan gedroom het om eendag in Matieland, dorp van hul studenteherkoms, af te tree.

En die grootte van die eenhede, saam met die ligging daarvan, maak dit 'n ideale plek vir die hele familie om minstens een keer per jaar bymekaar te wees. Volgens Mike Kruger, Proplan se Bemarkingsbestuurder, het navorsing bewys dat die publiek groter aftreetuistes koop sodat hulle gereeld hul families kan huisves. Paradyskloof Villas is dus beplan om by dié teikenmark se behoeftes aan te pas.

Die skema bestaan uit 2-, 3- en 4-slaapkamereenhede. Dit is teen die tweede helfte van 1989 bekendgestel en voor daar met die bouwerk begin is, was 57% van die eenhede reeds verkoop. 'n Verskeidenheid van eenhede word te koop aangebied, met pryse wat wissel van R180 000 tot R320 000. Dit word onder deeltitel verkoop om die kopers te beskerm. 'n Koper is dus verseker van 'n veilige belegging wat in waarde toeneem.

Deeltitel

Elke Paradyskloof-aftreehuis word ingevolge die Wet op Afgetrede Persone (Wet 65/1988) as deeltitel verkoop, wat die registrasie van oordrag in die koper se naam waarborg (teenoor blokdeel-ontwikkeling). Daarby word alles wat die koper betaal deur die United Ontwikkelingskorporasie ingevolge die Wet gewaarborg en kan dit nie deur enigiemand vervreem word nie.

As 'n aansporing vir kopers sal die ontwikkelaar, Proplan, in die eerste 12 maande R2 000 per eenheid tot die heffingsfonds bydra. Heffings sal daarna tussen R168 en R305 per maand bedra, afhangende van die eenheid wat gekoop is.

Alle eenhede is vir duursaamheid ontwerp en sal volgens die hoogste gehalte-



Paradyskloof Villas
STELLENBOSCH

ENIGE GELDE DEUR USELF BETAAL WORD GEWAARBORG EN GEADMINISTREER KRAGTENS DIE WET OP AFGETREDE PERSONE (WET 65/1988) EN MAG DEUR GEEN PERSOON OF PERSONE WANBESTEE WORD NIE. ELKE HUIS WORD ONDER DEELTITEL VERKOOP WAT REGISTRASIE IN U NAAM WAARBORG.

United
ONTWIKKELINGSKORPORASIE
IN SAMEWERKING MET
PROPLAN

Vir verdere inligting, of vir 'n gratis brosjure, skakel (021) 92-8001 of skryf aan PROPLAN, Posbus 414, Parow 7500.

Jou plaaslike agente: Wynland Eiendomme BK, Dorpstraat 75, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-98192.
Le Roux Hugo Eiendomsagente, Kerkstraat 38, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-71229.
Anna Basson Eiendomme, De Wetsplein 101, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-74740.

Hokkievroue maak weer skoonskip

Die Maties se vroue-hokkiespan is vanjaar die vyfde keer sedert 1983 die nasionale klubkampioen. Die Maties het dié titel in 1983, '85, '88, '89 en vanjaar in Pretoria buitgemaak. Dit is die enigste span nog wat die toernooi gewen het elke keer wat hy daaraan deelgeneem het. Hier op 'n geselligheid wat in hulle eer deur die Rektor, prof Mike de Vries, aangebied is, is (vlnr) *voor:* Sherylle Calder (kaptein/afrigter), Jackie Wiese (bestuurder), mev K. Smuts (president) en Gail Strapp.

***Middel:* Dalene Watts, Foena Nel, Nicky du Toit, Annemarie Geyser, Lee Thorburn en Linda-Joyce Rushmere.**

***Agter:* Su Bernstein, Candice Dugmore, Lisa Wheatley, Jennifer King, Anna-Mareé Mostert en Megan Dobson.**

Arrivederci aan Dawie Snyman

MNR Dawie Snyman, rugbyorganiseerder van die Maties, en die man wat die Westelike Provinsie afgerig het toe dié span die gesogte Curriebeker vyf agtereenvolgende kere gebuit het, is tans in Rome waar hy 'n tweedeligaklub tot in Maart aanstaande jaar sal afrig.

Voor sy vertrek het hy aan *Matieland* gesê dat hy Europa toe gaan om ondervinding van afrigtingsmetodes op te doen. Dit is onteenseglik waar dat hy op die oomblik een van Suid-Afrika se voorste afrigters is.

Hy sal ook gereeld 'n draai gooi by Jacques Fouroux wat nog vroeër vanjaar die Franse span afgerig het en op die oomblik 'n nasionale keurder is. Snyman en Fouroux het goed bevriend geraak nadat die Fransman enkele maande gelede op Stellenbosch besoek afgelê het.



Dawie Snyman beplan om al die kragmetings in die *Five Nations* by te woon en ook om bietjie te kyk hoe die organisasie van die Wêreldbeker-kompetisie gedoen word.

Sy vrou, Pam, en hulle vier dogters, sou almal middel Desember by hom in Rome aangesluit het.

- **Kort voor druktyd is verneem dat Snyman as nasionale regbykeurder aangewys is.**

Sportbeserings bekyk

Dr Dawie van Velden, *hoof van die US se Departement Huisartskunde in die Fakulteit Geneeskunde, het vroeër vanjaar 'n boek getiteld* ***"Die Voorkoming en Behandeling van Sportbeserings"*** *voltooi. Dié foto is geneem op 'n geselligheid op die US-kampus waartydens dr Van Velden eksemplare van sy boek aan skoolhoofde van Stellenbosch en die hoof van die Departement Menslike Bewegingskunde, prof Justus Roux, geskenk het. Hier blaai dr Van Velden (regs), saam met mnr Johan Fechter, Direkteur: Openbare Betrekkinge van die US, deur die boek. Langs mnr Fechter staan prof Justus Roux, en dr Nick Lee van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika wat die boek gepubliseer het.*

Koos ken nie net nie- hy verstaan ook ...

(Gedurende die loop van twee, drie dae word met kort tussenposes via die 'sentrale' 'n tog deur die diere- en plantryke onderneem. Die kind vertoef in 'n hemelse omgewing; die volwassenes word kinders. Almal leer, almal word op 'n klassieke wyse vermaak. Daar is aan die einde aangedoen by die bye, die hase, die miere, die valke, die aasvoëls, die paddas.

En op die reise wat per voertuig onderneem word om aan die geselskap die natuur-wêreld te wys, word die kabouterstorie kort-kort ingeryg.

By 'n waterpoel sou die kabouters sommer nou die dag op die lelieblare gesit het. Party het klippe en ander die mooi wortels van die ou boom daar langsaan uitgekies vir sitplek. Weer 'n relaas oor alles wat daar wetenswaardig is.

Saans word na naggeluide geluister, na die sterre gekyk, gefilosofeer oor die maan en sterre, gewonder hoe húlle en die kabouters nie dalk met mekaar mooi verhoudinge het nie . . .

Aan die einde van hierdie ongelooflike paar dae is die kind daar weg met die verwagting om dalk tog eendag met 'n volgende besoek die kabouters raak te loop. Maar intussen sou sy haar verwonder oor elke by, blom en wat nie nog nie wat sy raakloop.

Met nie een feit oor die werklikheid is sy mislei nie, maar die groot verhaaldraad het haar ook nooit losgelaat nie. En so ook nie vir die volwassenes nie.

Die naaste vergelykbare belewing wat ek hieraan gehad het, was met die lees van Godfried Bomans se merkwaardige boekie *Erik van het kleine insektenboek.*

Weer moet ek egter onderstreep: soos wat Marais 'n waarnemer en skrywer was, was Bomans dit ook. Koos Meyer skep sy verbeeldingswêreld, met al die wetenskaplikheid daarin, op staande voet.

Hierdie manier van doen is by hierdie mens tweede natuur; dis 'n spontane spel tussen lewe en wete, of dan: lewe en kennis.

'n Mens wonder watter status hy vandag sou gehad het as hy hom sou bedien het van die geskrewe woord en nie van die gesproke woord nie, of as die TV eerder op die spoor van hierdie soort skepperwaarnemer kon gekom het.

BEWAAR NATUUR

Die een en andere nog oor Koos:

- As lid van die Varswatervis-vereniging gaan help hy om forelle te "plant" in die riviere van die Oostelike Provinsie.
- In die omgewing van Vaalwater help vestig hy wild op soveel as moontlik plase.
- In die besonder bestudeer hy die vernietiging van gras deur die impala. Tans is hy besig saam met prof Koos Botma van UP met projekte om vernietigde veld te rehabiliteer. Die poging word aangewend in die natuurbewaringsarea in die Magaliesberg waar Koos bestuurder is by 'n oord by Skeerpoort.
- Koos en prof Piet Mulder, Natuurbewaringshoof, se waarneminge oor die weidingvernietiging deur die rooibok strook en ook hulle is deurlopend in gesprek met mekaar oor die verskynsel. Veral skenk Koos aandag aan die gesonde beperking van impalagetalle ter wille van die behoud van ander graseters.
- Hy is lid van die Dendrologiese Vereniging en probeer veral die Bosveldbome vir die breë publiek identifiseer ten einde respek vir die natuurlike plantegroei te kweek.
- Hy is lid van die Aasvoëlstudiegroep van die PWV-gebied onder voorsitterskap van dr Gerhard Verdoorn.

Die laaste groot aasvoëlkolonie (kransaasvoëls) is by Skeerpoort direk onder Koos se toesig.

Proewe om die aasvoëls wildsvleis te voer, is tans aan die gang. Die resultate is bemoedigend.

Ervaring met die aasvoëlkolonie by De Wildt se Luiperdplaas dui daarop dat die vleis van beeste wat weens siektes gevrek het, direk lei tot die uitdunning van die kolonie. Vanweë die vele middels waarmee diere behandel word, word die kalsium blykbaar uit die klein aasvoëltjies onttrek met die gevolg dat hulle vlerke hulle nie kan dra wanneer hulle die nes verlaat nie.

Wildsvleis is hierteenoor skoon wat middels betref.

Die aanteel onder Koos Meyer se toesig is nou vir die eerste keer belowend.

- Hy het die Departement Natuurbewaring se volledige Jagterslisensie verwerf, wat daarop neerkom dat hy die eksamens in al die teorie geslaag het (kennis van die bos, dieregewoontes, kennis van gewere en ammunisie en van boogskut) asook die praktiese werk met sukses gedoen het.
- Hy jag self nie, maar probeer om leiding te gee ten einde uitroeiing te voorkom.
- Ook het hy die Lisensie verwerf vir jagaanbieding aan trofeejagters.

Op die ouderdom van 70 is Koos Meyer so fiks soos wat baie mense van 40 nié is nie. Hy gaan slaap laat en staan voordag op. Daar is aan hom nie einde nie. Vergesel en vermaak hy nie gaste nie, is hy besig met waarneming en met die uitvoer van sy dagtake.

Geografie-studente presteer puik

Drie Geografie-studente *– én hulle proffie – wat inderdaad rede het om breed te glimlag.* ***Elretha Grobler*** *(links), het op 'n konferensie vir Geografiestudente aan Suid-Afrikaanse Universiteite wat aan die UPE gehou is, die tweede prys vir 'n plakkaatreferaat ingepalm.* ***Adlai Davids*** *het die eerste prys vir die beste voorlesingreferaat gewen en* ***Karen Bentley*** *het die eerste prys vir 'n plakkaat gewen. Al drie is honneursstudente en hulle trotse professor is* ***prof Carl Swanevelder****, hoof van die Departement Geografie aan die US.*

'n fyn waarnemer

- Vir die meeste van sy dosente was hy waarskynlik die oorsaak van onstigtelikheid.

Maar tot nou, in sy 70ste lewensjaar, het Koos Meyer student gebly in alle denkbare opsigte: jonk van gees, vol pret, maar tot in die fynste geïnteresseerd in die werklikheid om hom. In die besonder is hy plant- en dierkundige; miskien eerder: natuurkundige in die wydste sin van die woord. Hiervan getuig letterlik almal wat hom van naby ken. En dié wat besoek aflê by die ruskamp of oord waar Koos die septer swaai, keer met verwondering huiswaarts oor dié man se ongelooflike kennis van al die lewende dinge van sy omgewing en oor sy bykans onverbeterlike vermoë om daardie kennis oor te dra.

- Hy is baie naby so 'n fyn waarnemer soos Eugène Marais, maar waar Marais kon skryf, kan Koos práát.
- Vergesel Koos Meyer deur die planteryk.

  Hy ken al die wetenskaplike name en al die noemname van die plante om hom. Maar hy kén nie net nie; hy verstaan. Hy ken die raaisels, die wondere van die planteryk en hy praat met insig en verwondering daaroor.
- Vergesel hom deur die diereryk.

  Geen een is onbelangrik nie. Van elkeen weet hy wat hy te wete kon kom uit boeke en uit waarneming.
- Vergesel hom met die oë op die bodem langs en hy laat klippe praat.

  Vir wie 'n belewing saam met Koos Meyer in die natuur nog nie gehad het nie, kortliks die volgende paar voorbeelde:

- Eenkeer is ek saam met Koos tuis in 'n vakansie-oord ver van sy eie wêreld af.

Op soek na 'n kiosk op die vreemde terrein kom hy op 'n aalwyn af wat hy nie ken nie. Met sy terugkoms by ons hut is dié aalwyn die eerste waaroor hy praat.

"Man, dié aalwyntjie ken ek nie. Ek verstaan dit nie dat ek hom nog nooit gesien het nie. Ons moet nou die kamp-opsigter gaan soek; ek wil hoor waar kry hy die ding."

Hoër of laer kon dit nie; die kamp-opsigter moes gekry word.

By dié word onmiddellik navraag gedoen: Wat is die naam van die betrokke aalwyn? Waar kom hy vandaan? Wat weet die kamp-opsigter nog?

Koos Meyer (middel) saam met die skrywer van meegaande artikel, dr Jan Spies (links), en Ollie Viljoen, regisseur van die gewilde TV-program, Spies en Plessis, tydens 'n besoek aan die US met die oog op opnames vir die program wat weer van 30 November af gebeeldsend word.

Opsigtelik tot Koos se verligting oor sy eie onkunde, vertel die kamp-opsigter dat die betrokke aalwyn op slegs enkele vierkante kilometer in die omgewing van die vakansie-oord voorkom en nêrens elders nie.

Koos memoriseer eers die naam, later teken hy dit aan.

"So, nou kan ek oor hom gaan naslaan; kom ons gaan drink iets."

- 'n Klein groepie uit ons vriendekring gaan besoek hom by 'n rusoord waar hy lank opsigter was. Een van die egpare neem hulle dogtertjie van sowat ses, sewe jaar oud saam.

Onmiddellik is dit duidelik dat die kind 'n besondere lid van die geselskap vir hom is. Wat kort-kort gedurende die hele verblyf daar na vore gekom het, was watter formidabele fantas dié man in sy diepste wese is, 'n improvisator wat die werklikheid en die verbeelding op mekaar inspeel tot 'n allemagtige soort natuursprokie vir die kind.

Ek probeer iets daarvan weergee:

By die onthaalruim het Koos 'n telefoon van die slingertipe, ongekonnekteer!

DIE KABOUTERS

Sonder om ooit direk met die kind te praat, stuur hy die geselskap in die rigting van die kabouters.

"Mense, ons gesels nou lekker, maar laat ek net kyk of ek nie kan uitvind waar die kabouters op die oomblik is nie."

Die kind kan haar ore nie glo nie; haar oë is op oom Koos.

Koos lui vir die "sentrale".

"Sentrale, is dit jy? My jene, Marie, dat ek nou nie vanmiddag jou stem herken nie..."

"Nee, dit gaan goed met my; met ou Magriet ook. En met jou?

"Jong, voor ek verder praat, sê my net hoe gaan dit met tant Annie. Is sy al uit die hospitaal?"

(Hier gee Koos 'n indringende predikasie oor hoe onverantwoordelik dit van tant Annie was om sonder 'n warmding in die koue rond te loop. Dis so goed die kind hoor haar ma praat, maar dis nou oom Koos en daarom nie 'n gepruttel nie!)

Oplaas verneem Koos of die sentrale-juffrou niks verneem het van die kabouters se beweging nie.

"Nie?

"Nou ja, dan moet jy vir my koningin By in die hande probeer kry; miskien weet een van haar bye. Bel my terug as jy haar op die lyn het."

(Die kuier met die grootmense gaan vir 'n ruk voort. Die kind wag in spanning.)

Ná 'n ruk is Koos ongeduldig omdat die "sentrale" so lank draai.

Hy doen navraag.

"O! Goed, Marie, ek hou aan..."

(En toe begin die gesprek met koningin By. Koos vra uit oor al wat 'n by en 'n blom is, oor nektar en stuifmeel, oor die werkinge in die bynes; hy lê die byekoningin woorde in die mond, gee haar selfs raad.

VIRTUOOS

Koos Meyer, die wetenskaplike, die onderwyser, die virtuoos is hier aan die woord. Hy lieg nie één woord nie. Hy lei die kind in in die wêreld van die bye. Hy laat haar dinge hoor wat sy later nog sal uitvind die heilige waarheid is.

Op soek na die kabouters word die bye leer ken.)

Koningin By het uiteindelik ongelukkig nie raad nie. Sy wonder of Hasie nie sal weet nie.

Eetgewoontes belangrik

Dieet 'n wapen teen kanker



Dr Carl Albrecht

Een van die belangrikste klemverskuiwings wat in die afgelope 20 jaar op die gebied van kanker plaasgevind het, is die besef by die gewone man dat kanker nie onafwendbaar is nie, maar dat hy homself daadwerklik teen dié siekte kan beskerm deur eenvoudige aanpassings in sy lewensstyl en dieet, sê dr Carl Albrecht, van die Departement Farmakologie aan die US se Fakulteit Geneeskunde.

Dr Albrecht, wat ook die voorsitter is van die Nasionale Kankervereniging se Opvoedingskomitee in Wes-Kaapland, het in die afgelope jaar landwyd lesings gegee oor hierdie onderwerp, asook praatjies oor die radio en op die TV-program 50/50.

"As 'n mens in ag neem dat meer as 40 persent van alle kanker in die Westerse wêreld verband hou met dieet, dan besef jy watter belangrike wapens dieet en 'n gesonde leefwyse is in die stryd teen kanker," sê hy. "Die gewone mens kan sy risiko om kanker op te doen, daadwerklik verlaag deur selfbeheer en gesonde verstand."

Dr Albrecht sê sekere vorms van kanker hang ten nouste saam met die inname van vette. In Suid-Afrika, sê hy, is gevind dat borskanker vyf keer meer, en kolonkanker 13 keer meer voorkom by blanke vroue as by swart vroue. Dit is bekend dat die gemiddelde swart Suid-Afrikaner baie minder vette verorber as blankes. Een uit elke 16 mense in die Westerse wêreld doen kolonkanker op – diegene wat nie 'n Westerse dieet volg nie – soos die plattelandse inwoners van Afrikalande – kry selde kolonkanker. "Navorsing toon 'n duidelike verband tussen vetinname en kolon- en borskanker," sê hy.

FECAPENTAENE

"Navorsers het onlangs 'n spesifieke kankerverwekker, Fecapentaene, ontdek. Hierdie stof word in die grootderm deur sekere bakterieë geproduseer en dit word veral aangetref in die stoelgang van mense op 'n Westerse dieet.

"Gal speel 'n belangrike rol in die verhoogde produksie van hierdie stof. Dit is bekend dat vetinname die produksie van galsoute verhoog. Daar word vermoed dat die verhoogde galsoute weer die produksie van Fecapentaene stimuleer en terselfdertyd as promotors van kolonkanker kan optree. Studies in Suid-Afrika het trouens getoon dat blankes, wat gewoonlik 'n Westerse dieet volg, aansienlik meer Fecapentaene in hul stoelgang as swartmense het wat veel minder vetter inneem. Daar word tans in laboratoriums wêreldwyd proewe gedoen om vas te stel tot watter mate Fecapentaene by kolonkanker betrokke is.

Hoewel navorsing oor die verband tussen vetinname en kanker nog nie afgerond is nie, is daar nietemin op internasionale vlak besluit om nou reeds ernstige aanbevelings oor vermindering van vetinname te doen. Daar word geredeneer dat indien hierdie aanbeveling die voorkoms van kanker wêreldwyd met net een persent sou verminder, die lewens van sowat 45 000 mense jaarliks gered kan word. Kankerkenners oor die hele wêreld heen raai vandag die publiek aan om hul inname van alle soorte vet – ook poli-onversadigde vette – drasties te verminder.

"Vet behoort net 30 persent, of minder, van die totale kilojoules in 'n mens se daaglikse dieet te lewer," sê dr Albrecht. "Studies oor die verband tussen borskanker en vetinname het getoon dat die borskankerrisiko net afneem wanneer die vetinname 30 persent of minder is van die totale kilojoules."

VETTE

"Sowat 45 persent van die kilojoules in die dieet van die meeste blanke Suid-Afrikaners en Westerlinge, is afkomstig van vette. Dit is heeltemal te veel en moet met 'n derde, of meer, ingekort word – veral deur die gebruik van maer vleis en laevet-produkte en 'n drastiese inkorting van die gebruik van botter en margarien."

'n Ander belangrike ontwikkeling, sê hy, is die ontdekking dat sekere natuurlike stowwe in plante kanker aktief kan teenwerk – onder meer vitamienes A, E en C, asook die kleurstof, betakaroteen, wat donkerrooi, geel, oranje en groen van kleur is.

"Die Nasionale Kankerinstituut in Amerika doen tans 'n reeks indringende kliniese proewe met betakaroteen om vas te stel in watter mate dit kanker kan teenwerk. Daar is reeds wetenskaplik vasgestel dat die stof die omskakeling van normale selle na kankerselle kan inhibeer in die latere stadiums van die kankerproses. Dit het belangrike implikasies, veral vir longkanker, omdat dit dié soort kanker kan teenwerk selfs in mense wat jare reeds aan kankerverwekkende stowwe in sigaretrook blootgestel is."

Dr Albrecht sê mense kan hulself aktief teen kanker beskerm deur daagliks meer groentes in die koolfamilie (soos blomkool, kool, broccoli en Brusselse spruite) te eet, asook groente en vrugte met baie vitamiene A (betakaroteen), soos wortels, perskes, appelkose, pampoen en broccoli.

"Terselfdertyd kan 'n mens die nadelige uitwerking van vet in die kolon teenwerk deur meer veselkosse te eet. Volkoringbrood is veral 'n baie goeie veselbron."

SIGARETTE

Net soos daar egter kosse is wat kanker kan teenwerk, is daar ook kosse wat vermy moet word om die kankerrisiko te verminder, sê dr Albrecht. Hy verwys spesifiek na nitriete en nitrate, wat gebruik word in die voorbereiding van ham, spek, wors en biltong. Hierdie stowwe sê hy, kan in die suuromgewing van die maag met aminosure reageer om 'n potente kankerverwekkende stof, nitrosoamien, te vorm.

Tans is daar wêreldwyd 'n tendens om, sover moontlik, nitrate en nitriete weg te laat uit die bereiding van kos. "Vars vrugte speel in hierdie verband 'n belangrike rol," sê hy. "Vitamiene C, wat veral in sitrusvrugte soos lemoene, suurlemoene en koejawels voorkom, inhibeer die vorming van nitrosoamiene."

Van alle faktore, waaroor die mens beheer het en wat sy kankerrisiko verhoog, is sigaretrook die grootste, sê dr Albrecht. Dit is die hoofoorsaak van alle longkanker en van 30 persent van alle ander kankers. Ander faktore is die oormatige gebruik van alkohol, wat die risiko van lewerkanker verhoog, en rook en alkohol saam lei tot 'n aansienlike verhoging van die risiko om kanker van die mond, keel, strottehoof en slukderm op te doen. □

New Horizons at SU in Satellite Technology

THE Electrical and Electronic Engineering Department of Stellenbosch University (SU) has expanded its interests in the field of satellite technology. This was highlighted by the establishment of a new chair of Satellite Systems Engineering through a generous endowment of Grinaker Electronics.

Prof Garth Milne, who holds a B Sc (Eng) from Natal University, a Master's degree in Engineering from SU and a Ph D from Stanford in the USA, has been appointed to the new Chair.



Prof Garth Milne

SATELLITES

Satellites are not new to South Africa since various SABC TV channels are distributed via geo-stationary satellites. These also bring overseas news feeds, weather pictures, and carry overseas telephone calls. For many years, the CSIR also operated the Hartbeeshoek tracking station for NASA, earning great respect for its proficiency.

Early Intelsat 3 satellites weighed 151 kg and carried 1200 phone circuits and a TV channel. The present Intelsat 6 satellites weigh 2232 kg, and provide 36000 telephone channels and two or more TV links per satellite. The growth in launcher capability has also permitted large satellites which can broadcast TV signals directly to half metre satellite reception dish antennas and receivers found in many UK and European homes. Businesses are also able to communicate data via small terminals to meet rapidly changing needs.

The small satellite (weighing less than 1000 kg) market has also shown a sudden recent growth, with organisations such as Arianspace making special provision to carry small satellites and microsatellites by AMSAT (American Radio Amateur Satellite organisation) and two University of Surrey (UoSat) satellites. Members of the local SA-AMSAT organisation have already communicated with these.

SU AND SATELLITES

SU took the lead in exploring this new field for the RSA electronics industry when the Bureau for Systems Engineering (BSI), which is part of the Engineering Faculty, arranged a symposium last December at its Technopark premises for potential users of satellite systems. At the symposium, BSI aired its proposal to develop Kleinsat, a local microsatellite, and Grinaker Electronics announced the establishment of the Grinaker Satellite Systems subsidiary at Stellenbosch.

The RSA and Stellenbosch already have the fundamental skills in microwave and communications electronics to develop, install, and maintain satellite ground stations. Activity in this area has already started. The local content in this market will ultimately depend on the extent to which RSA companies can focus their efforts and co-operate to compete against imports. Import replacement incentives should also be considered to account for the exchange rate costs to the RSA that would otherwise occur.

The RSA has a design and manufacturing capability for many of the parts or components found in spacecraft, such as light weight structures, solar power systems, microwave antennas, transmitters and receivers, control computers, optical sensors, actuators and thrusters. Applying these in space would require optimisation of weight and power consumption, and design to survive the vacuum, radiation damage, and thermal stresses.

Making or intelligently buying a whole satellite system requires a systems engineering understanding, i e knowing how all the components and subsystems in space and on the ground interact, and how their performance specifications can be traded off against each other. This broad view is needed to complement the detail design skills in electronics, antennas, and satellite attitude control systems that are developed in existing postgraduate courses.

MODULES AND RESEARCH

Prof Milne's first task is to establish a postgraduate Satellite Systems Engineering module for the 1991 academic year. This will be able to be taken as one of nine modules from a selection of about 35 electrical engineering modules that students must complete during study for a Master's degree in Engineering. The systems engineering thought process and many details of communication and control systems that will be included in the module, will be applicable to other complex systems that students will encounter later in their careers. The module should therefore have wide appeal.

Prof Milne will also be giving postgraduate courses in automatic control systems and continuing research in his other main field of systems identification (establishing mathematical models of dynamic systems from experimental data).

KLEINSAT'S POTENTIAL

A widely usable satellite creates great interest in the technical community and brings worldwide recognition to the creating organisation, particularly if the satellite makes a new contribution to knowledge or capability. Great excitement in school science can also be stimulated, such as the UoSats, where school children in England detected the Chernobyl explosion by noting anomalous radiation levels on UoSat data recorded over Russsia.

During August, while visiting overseas companies and universities with satellites in orbit, programme leaders emphasised these benefits to Prof Milne and encouraged Stellenbosch to proceed with Kleinsat. They also warned of the challenges such a programme creates, particularly with funding!

Kleinsat could serve many functions, carrying scientific experiments and terrestrial postion location equipment, relaying data to and from outlying stations and schools and possibly even relaying educational TV to remote areas for a number of hours per day.

Since capability, cost, and customers for such a service go hand in hand, Dr Arnold Schoonwinkel, Director of BSI, and Prof Milne are presently looking at various options and potential users to see whether sufficient sponsorship for Kleinsat can be found. If they are successful, a satellite building programme could develop at Stellenbosch, with further spinoffs in terms of research, courses, and stimulus in school science.

ECONOMIC DECISION

In the modern world, if you don't move ahead, you fall behind. South Africa, like Australia, Indonesia, India and many other countries will at some stage have to make an economic decision to procure its own satellite(s). Knowledge gained from the new Stellenbosch initiative will be invaluble in such a procurement and possible local content programme, thus helping the RSA become a recognised part of the world satellite industry. □

Departemente verjaar

• Voedselwetenskap word veertig

DIE US se Departement Voedselwetenskap is 40 jaar gelede deur prof Ruben Nel, destydse hoof van die Westelike Provinsie Vrugtenavorsingstasie, ingestel. In die vroeë jare was die kursus op dié van die Universiteit van Kalifornië in Davis, gerig.

Twee van die eerste lektore, Chris Smit (later professor) en Ben Nortje (later doktor) het in Kalifornië gestudeer en toe die eerste Voedselwetenskap-graadkursus aan die US kom vestig. Op die oomblik is die US op dié gebied los voor in Afrika en selfs 'n kortkop voor Brittanje ook.

Toenemende en groter klem op die markekonomie het voedselmaatskappye laat besef dat gehalte en diens belangrik is. Die voorsprong in so 'n mededingende mark kan net deur goed opgeleide, vindingryke en wetenskaplik-ingestelde personeel behou word. Die getalle gegradueerdes in Voedselwetenskap neem toe, namate hul kennis ook groei.

Om studente te lok, het die Departement Voedselwetenskap op FABSSA 90 (Food and Beverage Show of South Africa) in Johannesburg uitgestal. Sedert 1987 is vier jaarlikse Voedselwetenskapsimposiums aangebied en op die vyfde, wat aanstaande jaar in samewerking met die WNNR se afdeling Voedselwetenskap en -tegnologie aangebied word, sal die instelling van 'n kursus in Voedselwetenskap in SA 40 jaar gelede herdenk word op 'n dinee in die Lord Charles-hotel op Somerset-Wes.

Die Departement se uitstalling op FABSSA 90 in Johannesburg – (vlnr) sit mnr Hennie Myburgh (tegniese assistent), prof Gerard van Noort (departementshoof) en dr Philip Morrall (dosent).

• Skaap- en wolkunde vier kwarteeu



Mnr Bertus Olivier, besturende direkteur van die Wolraad (middel), geniet 'n grappie met prof Piet de Wet (links) en prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier van die US.

Mr Hennie Prinsloo en prof Piet de Wet (regs) by 'n indrukwekkende muurbehangsel wat spesiaal vir die departement se kwarteeuviering gemaak is.

DIE 25-jarige bestaan van die US se Departement Skaap- en Wolkunde is met die amptelike ingebruikneming van die nuwe skeergeriewe op die proefplaas Mariendal op luisterryke wyse gevier. Die spreker by dié geleentheid was die voorsitter van die Wolraad, mnr Hennie Prinsloo.

Mnr Prinsloo het met groot waardering gepraat oor die jarelange noue verbintenis tussen die Wolraad en die US en die hoop uitgespreek dat waar dié departement tans die enigste onafhanklike een aan 'n SA universiteit is, hy sal bly voortbestaan om die wolbedryf steeds met toewyding te dien.

Die Wolraad het deur die jare aansienlike geldelike steun aan die Departement Skaap- en Wolkunde laat toekom.

'n Oorsig oor navorsing die afgelope kwarteeu is gelewer deur die departementshoof, prof Piet de Wet. Agt Ph D- en 34 M Sc- studente het 'n groot rol in die volgehoue navorsingsprogram gespeel.

Op die dinee het prof Lina Spies haar bekende gedig, *'n Paternoster vir Suid-Afrika*, voorgedra en 'n ondertekende geraamde afdruk daarvan is aan die eregaste geskenk. Dit is gedruk teen 'n agtergrond van skape wat geskeer word.

Lee Marler loves MATIES

Jogging has been Lee Marler's favourite pastime during his stay in Stellenbosch. He successfully completed at least one marathon and several half-marathons.

by Rochelle Gosling

A strange and wonderful "love affair" has developed on the Matie campus. A lad from London has fallen hopelessly in love with South Africa – especially Stellenbosch.

Lee Marler is as nice a chap as you're ever likely to meet. His clear blue eyes radiate a sparkling sense of humour. He is ambitious and has chosen Stellenbosch as one of the rungs in his ladder of success.

After LL B Honours at Essex University, Lee completed his Master's at London University specialising in international law, read for the Bar exam at Lincoln's Inn and qualified as a barrister after a year's pupilage. After practising for a year, he won a scholarship for a Master's degree in South Africa.

It was at the Central London rugby club, of all places, that Stellenbosch was recommended to Lee. "South Africans migrate to rugby clubs wherever they go", he says.

His flirtation with the country was encouraged by his keen interest in hiking and mountaineering. He has toured most of the country and says he finds it fascinating, the geographical and climatic variation in particular.

South Africa put her best foot forward and treated Lee and his wife, Helen, to the tranquility of the Kruger Park and a pride of lions with their kill. Their extended honeymoon also included Botswana, Zambia and Zimbabwe.

Bobotie for supper is common practice now, not to mention a penchant for koeksisters. "The Stellenbosch community has opened its arms to us and has taken us under their wing."

Lee says that his overwhelming impression is that all South Africans are very proud of their country and eager to show it off.

Plenty of fresh air and exercise – he has run the Knysna marathon and various half-marathons – have contributed to the success of his thesis preparation. It is a comparative work on the law of evidence specialising in the hostile witness.

During his short stay Lee has already had an article published in the South African Attorney's Journal. Encouraged by this, he is planning to transform his thesis into an article for the Stellenbosch Law Journal.

The two adventurers will head back home in time for a white Christmas and a happy reunion with their parents. The new year just might include a quick doctorate at Cambridge for Lee; "the cherry on the top" of an already impressive career.

Lee will have to leave his new-found love behind but will treasure many "fantastic" memories. After all, "it's not too many people from Springfield, Essex, who get to spend a year in Africa."

Barbara Clarke visits Stellenbosch

PROF Barbara Clark, an international authority on the education of gifted children, delivered a series of lectures at Stellenbosch recently. She was invited to the Matie campus by the Faculty of Education.

Prof Clark is attached to the Division of Special Education at California State University in Los Angeles where she was appointed as a professor in 1968. Apart from California University, she also trained at the Universities of Wichita and Kansas. She has visited many countries to speak on the education of gifted children.

Prof Clark's lecture series at Stellenbosch ran from 26 July to 16 August on the subject: '*Optimizing Learning*'. The purpose was to develop an understanding of how learning can be made more effective and efficient by the use of strategies based on the findings of research in the fields of neuroscience, physics, psychology and education. This involves new concepts and new teaching and learning. As the four major areas of brain function are incorporated, it is referred to as 'Integrative Education'.

- *Prof Clark's book,* ***Growing Up Gifted****, the third edition of which was published in 1988, has become a leading text in Western countries and is prescribed for students in most education departments.*

Prof Barbara Clark is pictured here with Prof Chris Kapp, director of the Bureau for University and Continued Education (left) and Prof Chimpie Cawood, head of the Department of Didactics.

Manlike domein val ná 121 Jaar

Mej Suné Brugman (middel), die eerste vrou wat in 121 jaar voorsitter geword het van die US-debatsvereniging, stap hier saam met nog vier Matie-vroue wat onlangs prestige posisies op kampus verwower het. Hulle is vlnr mejj Marliza Viljoen, Julia Anderssen, Christa de Swardt en Hanni Wilson. Op die foto links is mej Elsje Johnson.

DIE Debatsvereniging, die heel oudste vereniging op die US-kampus, staan vir die eerste keer in sy bestaan van 121 jaar onder voorsitterskap van 'n vrou.

Mej Suné Brugman (21), wat ook 'n nuwe studenteraadslid is, is ná twee jaar in die bestuur van die prestige vereniging tot voorsitter verkies.

Sy volg daarmee in die spore van oud-premiers soos drr D F Malan (twee jaar voorsitter) en H F Verwoerd. Die vereniging roem hom ook op voormalige staatsleiers soos genl Barry Hertzog, genl Jan Smuts en adv John Vorster, wat almal aktiewe lede was.

Mej Brugman se redenaarsvaardighede het reeds in haar matriekjaar vir haar die eerste plek in die ATKB se nasionale redenaarskompetisie besorg. Sy is 'n oud-leerling van die Hoërskool Randburg.

Op Stellenbosch was sy onder meer 'n finalis van die Prestige ENB-kompetisie asook die ATKB se nasionale studente-redenaars-kompetisie.

Mej Brugman sê die debats- en redenaarskringe is nog 'n manlike domein, maar die vroulike studente verkeer onder die wanindruk dat net sterk mans met bombastiese stemme daaraan deelneem.

Hoewel die meeste deelnemers aan kompetisies steeds mans is, het Matie-vroue vanjaar met die meeste pryse weggeloop, vertel sy.

"Deelname aan die debatslewe kan vroue help om hul gebrek aan selfvertroue om in die openbaar te praat, te oorkom, en hul potensiaal te verwesenlik".

"Ons moet eers die vroue op die kampus bevry, dan die mans", spot sy.

Ander Matie-vroue wat prestige posisies die afgelope tyd op kampus verower het, is:

- *Mej Marliza Viljoen* (21), slegs die tweede vrou nog wat in 'n studenteraadsverkiesing die meeste stemme (3 094) op haar verenig het. Mej Viljoen (BA), nuwe ondervoorsitter van die SR, het bykans 500 meer stemme as die volgende kandidaat getrek.

- *Mej Elsje Johnson* (21), die eerste vroulike SR-lid aan wie die portefeulje Sport en Intervarsity toegeken is. Mej Johnson (LLB II) was die afgelope jaar primaria van Minerva.

- *Mej Hanni Wilson* (21), die eerste vroulike voorsitter van die Ingenieurstudenteraad van die Vereniging vir Stellenbosse Ingenieurstudente. Minder as tien persent van die Fakulteit Ingenieurswese se meer as 1 000 studente is vroue. Mej Wilson was die afgelope jaar ook die eerste primaria van die enigste gemengde privaatwyk, Aurora. Sy is 'n eerstejaar in Bedryfsingenieurswese en het verlede jaar B Comm verwerf.

- Ook aan hoof van die Karnaval en Die Matie staan vanjaar vroue hoewel nie vir die eerste keer nie. *Mej Christa de Swardt* (22), finalejaarstudent in BA Voorligtingsielkunde, is die tweede vroulike Karnaval-voorsitter. Die Matie-redakteur, *mej Julia Anderssen* (20), is 'n BA regstudent in haar derde jaar.

VERWOERD VORS NA OOR VULKANE

PROF WILHELM VERWOERD, hoof van die Departement Geologie (foto), is mede-redakteur van 'n boek, *'Volcanoes of the Antartic Plate and Southern Oceans'*, wat pas in die VSA verskyn het. Dit bevat die nuutste geologiese inligting oor meer as 100 vulkane, waarvan 'n groot deel nog nie voorheen gepubliseer is nie. Hy was verantwoordelik vir die hoofstuk oor vulkaniese eilande in die suidelike oseaan, by name Bouvet, Marion, Prins Edward, die Crozet- en Kerguelen-eilandgroepe, Heard, Amsterdam en St Paul. Prof Verwoerd het die afgelope sewe jaar met dr Luc Chevalier, 'n ná-doktorale navorser in die Dept Geologie, saamgewerk aan 'n projek om meer te wete te kom van die bou en interne struktuur van dié tipe vulkaan. Dit het ook navorsing op die eilande Gough, Tristan da Cunha en Inaccessible, wat nie een op die Antarktiese aardkorsplaat geleë is nie, ingesluit.

WNK en US sluit kontrak

Die WNK is met die kontrakondertekening verteenwoordig deur dr George Green (regs), Senior Navorsingsbestuurder, en mnr Meiring du Plessis, Navorsingsbestuurder. Die projekleier, prof Hulme Moolman van die US, staan links.

'n Navorsingskontrak tussen die Waternavorsingskomissie (WNK) en die US wat bepaal dat die gebruik van soutwater vir besproeiingsdoeleindes en 'n waardering van kriteria vir gewasse se soutbestandheid nagevors sal word, is onlangs amptelik gesluit.

Die projek, wat reeds op 1 April 1990 'n aanvang geneem het, word vir 'n tydperk van vyf jaar deur die WNK gefinansier. Die bedrag betrokke is R1,3 miljoen. Die navorsing sal deur die US se Departement Grond- en Landbouwaterkunde met prof Hulme Moolman as projekleier uitgevoer word.

Die nasionale navorsingstrategie oor die versouting van Suid-Afrika se waterbronne is gegrond op 'n tweeledige benadering, nl om aan die een kant navorsing te onderneem met die doel om versouting teen te werk, maar aan die anderkant ook navorsing uit te voer wat ons vermoë om met versouting saam te leef, verbeter.

Meeste van die huidige navorsing is daarop gemik om versouting teen te werk en feitlik geen navorsing met die doel om meer doeltreffende gebruik van soutwater te maak, word uitgevoer nie.

Die Departement van Landbou-ontwikkeling het in die afgelope jare – in reaksie op versoeke van die Departement van Waterwese – kriteria vir die soutinhoud van besproeiingswater op 'n aantal besproeiingskemas beskikbaar gestel. Dié kriteria is gegrond op oorsese bevindings wat nie onder plaaslike toestande gekontroleer is nie. Te streng of te toegeeflike kriteria is onaanvaarbaar – afhangende van die oogpunt waaruit dit benader word.

Met hierdie projek word beplan om die geldigheid van een van die stelle kriteria (dié vir druiwe in die Breërivierallei), asook die metodiek waarvolgens die kriteria beskikbaar gestel is, te kontroleer.

Van die spesifieke doelstellings van die projek is om o m die toepaslikheid van internasionale navorsingsbevindings oor die reaksie van gewasse op soute in grond onder plaaslike toestande te evalueer en om die geldigheid van bestaande kriteria oor die soutinhoud van besproeiingswater in die Breërivier te toets – die Departement van Waterwese grond sy besluite oor die bestuur van die rivierstelsel op vermelde kriteria.

In die uitvoering van die projek sal die US se Departement Grond- en Landbouwaterkunde nou saamwerk met die Departement van Landbou-ontwikkeling se Navorsingsinstituut vir Wingerdbou en Wynkunde op wie se proefplaas die veldproewe uitgelê sal word.

- Prof O Lewis van die Universiteit van Kaapstad se Departement Botanie is een van die medewerkers aan die projek.

Eerste vrou wen Schlich-medalje

'n MEMORANDUM oor bosbou-opleiding aan die US se Fakulteit Bosbou is onlangs op 'n geselligheid aan mnr Gert Kotzé, minister van Omgewingsake en van Waterwese, oorhandig. Op dieselfde geleentheid is die gesogte Schlich-medalje – vernoem na sir William Schlich wat toentertyd 'n groot rol gespeel het in die vestiging van die bosboubedryf in Britse kolonies – aan die beste student vir 1989 toegeken.

Die Suid-Afrikaanse bosbedryf is een van die suksesverhale van die land sedert die eerste plantasie in 1876 op Worcester aangelê is. Prof Hennie Vermaas, dekaan van die Fakulteit Bosbou, sê die bedryf is reeds 'n reus. "Vir die volgende 20 jaar is Suid-Afrika totaal selfstandig wat hout betref en daar is al ver gevorder met die kweek van hoë gehalte meubelhout. Wat baie mense nie weet nie, is dat die houtverwerkingsbedryf groter as die motorbedryf is," het die dekaan gesê.

Mej Celeste Hanekom, wenner van die Schlich-medalje vir die beste student van 1989, verskyn hier saam met minister Gert Kotzé (links) en prof Hennie Vermaas.

Die memorandum oor bosbou-opleiding se doel is om die Departement van Omgewingsake – vanweë sy noue betrokkenheid by die Fakulteit – daarvan te vergewis dat pogings tot vernuwing van bosbou- en verwante onderrig reeds op dreef is en dat strategiese beplanning plaasvind. Kennisontwikkeling en dienslewering is tot voordeel van die Departement van Omgewingsake.

Die Schlich-medalje is aan mej Celeste Hanekom toegeken. Sy is die eerste vrou wat dié eer by die Fakulteit Bosbou te beurt val. Met haar prestasies het sy dan ook 'n beurs van SAPPI (South African Paper and Pulp Industry) losgeslaan.

Tygerberg: Flagship for Obstetrics in Africa

by Sybelle Albrecht

PROF DAVID CHARLES, an internationally renowned specialist in obstetrics and infectious diseases, believes that Stellenbosch University's Department of Obstetrics and Gynaecology in the Faculty of Medicine at Tygerberg, could be and should be the flagship of obstetrics in Africa.

"Even though the equipment in the Department has not been replaced for years and despite a serious lack of modern facilities, like an anaerobic bench and modern ELISA readouts to check serum, I am impressed with the way the Tygerberg obstetricians are practising First World medicine in a Third World environment," he said. "What distinguishes their work in this situation, is the imagination, intelligence, industry and integrity with which they approach difficult problems, like Aids and other infectious diseases. I don't think these problems are handled with the same degree of imagination anywhere else in Africa."

After spending a month as consultant in the Department, Prof Charles came to the conclusion that South Africa has not yet experienced the full force of Aids. Although the disease is endemic in Africa, it affects people all over the world at all levels of society, he says. "And I honestly don't think researchers will find a cure or a vaccine against Aids before the end of this century."

EDUCATIONAL CAMPAIGN

In South Africa, as in other parts of the world, the disease can only be contained through an open and vigorous educational campaign throughout society. He believes that family planning in South Africa should rely more on condoms, and that condoms should be promoted as a major contraceptive. "Having her tubes tied or taking the Pill will not protect a woman against Aids or prevent the spread of the disease."

Prof Charles says all South Africans should be exposed to Aids counselling and they should be made aware at a very early age, that sex can be dangerous. "The real incidence of Aids in Africa is shocking, and even in sophisticated First World countries, such as the United States, one finds that three percent of the women in New York are HIV positive, while three to four percent of women in the inner city of Washington carry the virus."

As a specialist in obstetrics and infectious diseases, Prof Charles is particularly aware of the devastating effects of Aids in women. A baby born to a mother with Aids will not live longer than five years, and women who are immunologically suppressed as a result of an HIV infection, are prone to develop bizarre forms of other infectious diseases, such as tuberculosis, syphilis, toxoplasmosis, mycoplasma, chlamydia and many others.

Prof David Charles

During his visit Prof Charles also viewed an educational video being made by the Medical Research Council on Aids, and advised them on some aspects of the video. "With its expert knowledge of Aids and infectious diseases, I think the Department of Obstetrics and Gynaecology should also make a video on this subject to show to patients in waiting rooms throughout Tygerberg Hospital," he said.

As an expert on infections in relation to pregnancy and obstetrics, Prof Charles could also advise the Department on infections as a cause of preterm labour.

Because many of the pregnant women treated at Tygerberg develop pelvic inflammatory disease as a result of infections such as chlamydia and gonorrhoea, preterm labour was a serious problem.

MORE SUPPORT

"Caring for premature babies in a hospital such as Tygerberg can be a serious drain on its resources - human, financial and medical. At least 40 percent of all pregnant women with sexually transmitted infections give birth to premature babies. I am impressed with the high grade of medicine practised in this field in Tygerberg's Department of Obstetrics and Gynaecology. But this work needs more support. It is, for instance, essential to have an anaerobic bench for bacteriological analyses."

Born in Wales, Prof Charles spent most of his professional life in the United States where he worked at Boston University's School of Medicine, Tufts University and Marshall University in West Virginia. As a full time consultant he now runs laboratories in infectious diseases wherever he goes and he also writes text books on the subject. His latest book, to be published within the next few months, deals with abortion - a subject on which he holds strong views.

"In my book I am putting forth moral and ethical reasons why safe abortions should be offered to women once they have been counselled on family planning and safe sex. I also look at the effects of septic abortions on the general health of women, and in terms of the intensive care, time and money it requires.

"In Boston I saw my operating list for septic abortions disappear within two years after abortions were legalised," he said. □

Het u al daaraan gedink om die Universiteit van Stellenbosch in u testament te bevoordeel?

Tree in verbinding met PHILIP DE WITT ☎(02231) 77-4638

OF SKRYF AAN: US STIGTING UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Bekende Oud-Maties in die nuus

•LIEBENBERG LEI SAW

DIE NUWE HOOF van die Suid-Afrikaanse Weermag is 'n Oud-Matie, 'n man wat as student 'n Simonsberger was. Genl Kat Liebenberg het op 1 November die leisels by genl Jannie Geldenhuis oorgeneem. Voor sy aanstelling was hy Hoof van Weermagstaf.

Genl Liebenberg is op 18 April 1938 op Upington gebore waar hy in 1955 ook matriek geskryf het. Hy het in 1959 BA (regte) aan die US verwerf en hom daarná by die Leër aangesluit.

Genl Liebenberg is 'n gesoute infanteris wat sy kundigheid en professionalisme veral in die Angolese en Namibiese veldtogte van die jare 70 tot 80 opgedoen het. Hy was vir feitlik die hele grensoorlog in die voorste linies, onder meer as bevelhebber van die magte in Owambo en Sektor 10 in 1978/79. Van 1982 tot 1985 was hy bevelvoerder van Spesiale Magte. Voordat hy bevelsposte tydens die grensoorlog beklee het, was hy ook militêre attaché in Londen.

As militêr is genl Liebenberg se durf en waagmoed wyd en ver bekend en hy geniet ook groot agting as aanvoerder wat die welstand van sy soldate eerste stel. Hy is ook 'n voorstaander van 'n sterk Burgermag.

Genl Liebenberg

•SMIT NUWE UP-REKTOR

Prof Smit

PROF PHILIPPUS (FLIP) SMIT, wat in 1992 die nuwe Vise-kanselier en Rektor van die land se grootste residensiële universiteit, die Universiteit van Pretoria, word, is 'n Oud-Matie in merg en been.

Hy het nie net voorgraads (BA) en nagraads (Hons-BA en MA) aan die US studeer nie, maar was dosent (in Geografie) en het ook sy eggenote, die eertydse mej Annette König, op die Akker ontmoet. Sy het haar as onderwyseres aan die US bekwaam en die egpaar het vier seuns.

Prof Smit was dosent aan die Universiteit van die Noorde en Unisa, en ook verbonde aan die Afrika-instituut, voordat hy in 1975 aan die UP hoof van die Departement Aardrykskunde geword het. Daarná was hy Vise-president en Senior Adjunk-president van die RGN voordat sy pad in 1986 teruggeloop het na die UP as Vise-rektor.

•ROBINSON WORD PARKERAAD SE BAAS

DR GILBERT ADRIAN (ROBBIE) ROBINSON, wat die grade B Sc, Hons-B Sc en M Sc in Soölogie (cum laude) aan die US verwerf het, word op 1 April aanstaande jaar die nuwe Hoofdirekteur van die Nasionale Parkeraad. Hy is op 12 Junie 1939 in Kaapstad gebore en het aan Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch gematrikuleer.

Dr Robinson het benewens Stellenbosch ook aan Unisa, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteite van Washington en Michigan in die VSA gestudeer. As student op Stellenbosch het hy in sport uitgeblink, veral rugby, basketbal en boks – vir laasvermelde is erekleure aan hom toegeken.

Dr Robinson

Dr Robinson het van kindsbeen af 'n intense belangstelling in die natuur gehad. In Maart 1964 het hy in diens van die Afdeling Seevisserye getree en in Mei 1966 het hy parkopsiener in diens van die Nasionale Parkeraad geword. Twaalf jaar later is hy in beheer gestel van alle nasionale parke behalwe die Kruger. Hy is tans Hoof: Suidelike Parke.

•CON BOTHA NATAL SE ADMINISTRATEUR

Mnr Botha

MET die aanstelling vroeër vanjaar van mnr C. J. van R. (Con) Botha as Natal se twaalfde Administrateur, beteken dit dat drie van die land se vier Administrateurs Oud-Maties is. Die ander twee is mnre Kobus Meiring van Kaapland en Louis Botha van die Vrystaat.

Mnr Con Botha is op Upington gebore en het aan die Hoërskool Parys gematrikuleer. Hy het die grade BA en Hons-BA *cum laude* aan die US verwerf. Hy was ook SR-voorsitter en die Abe Bailey-beurs is in 1954 aan hom toegeken.

Voordat hy provinsiale sekretaris van die NP in Natal geword het, het mnr Botha ook as omroeper in diens van die SAUK gewerk. In 1961 is hy op ouderdom 28 tot lid van die Natalse Provinsiale Raad verkies – dié amp het hy tot 1970 beklee.

In 1977 is mnr Botha tot LP vir Umlazi verkies en hy het dié amp tot sy aanstelling as Administrateur beklee.

Toeka se Toetie by die Tokkelokke

STELLENBOSSE tokkelokke het hulle onlangs vergaap aan sowat 40 ouderwetse motors en motorfietse wat op die terrein van die Kweekskool kom pronk het tydens 'n verposing van twee uur op Stellenbosch. Die dekaan, prof Bethel Muller, het toestemming verleen dat deelnemers aan die 1990 Orbit Motors nasionale tydren by die Kweekskool stilhou. Hier is die klaswenner, mnr Tullio Bennardi van Pretoria, op sy 1939 Moto Guzzi voor die standbeeld van prof Nicolaas Hofmeyr en John Murray, eerste twee professore aan die Kweekskool.

(Foto: Anton Jordaan)

Nou kan sy kansel toe!

deur Bart Cronjé

"Dit was die gelukkigste oomblik van my ganse lewe!"

Só gesels Helena de Swardt oor die tydstip toe sy verneem het die N G Kerk se Algemene Sinode het besluit om vroue in die amp van leraar toe te laat.

Helena, 'n gebore Zimbabwiër, het aan die US in die Teologie gestudeer en het nog tot onlangs 'n volle leraarspos – behalwe vir prediking, bediening van sakremente en Sinodesittings – in Stellenbosch se Studentegemeente beklee.

Maar waar het dit alles vir hierdie enigste toeloog uit vyf geslagte sake-families begin?

"Ná my matriek aan die Hoërskool D F Malan in Bellville het ek Stellenbosch toe gekom om BA (gewoon) te swot; dit was nadat my Wiskunde my ideaal om Medies te doen, gekelder het. Ek was nie gelukkig nie, tot die dag wat die Bybelkundeklas geskei is en ons moes kies tussen Bybelkunde en Teologiese studies. Ek het Teologiese studies gekies en die Here het sekere van my vrae op 'n besondere wyse beantwoord. Toe het ek geweet: 'hier hoort ek'. Die eerste drie jaar was ek die enigste vrou in die klas."

Op 'n vraag of sy ooit oor haar keuse van studierigting getwyfel het, het sy 'n baie oortuigde antwoord: "Nooit! Baie mense het gesê dat ek onverantwoordelik is en daar is geen toekoms vir my nie. Ek is daarvan beskuldig dat ek geld mors, maar ek het die Here vertrou en nooit Sy besluit bevraagteken nie".

As student aan die Kweekskool moes Helena die volle studieprogram saam met al die mans in die klas volg. Sy is nie sekere dele vrygeskeld nie. "Ek het elke minuut saam met hulle gedroom oor die toekoms, hoe dít sal werk in die gemeente en hoe dát gedoen kan word. Ek het die volle pad saamgestap, behalwe die laaste tree van legitimasie ..."

Mej Helena de Swardt

Ná twee jaar as pastorale werker in die Studentegemeente gaan dit heel goed met haar en vind sy besondere vreugde in haar werk. Die studentemeisies aanvaar haar as vriendin en nie as "dominee" De Swardt nie.

"Daar is 'n groot vertrouensposisie tussen my en die studente en ek vind dat hulle probleme openlik met my bespreek. Laatnagoproepe is 'n algemene verskynsel en ek het die voordeel bo die manlike kollegas dat ek by die student in haar kamer kan gaan sit en die probleem bespreek en raad gee. Ek probeer altyd om kwaliteit-aandag aan my kerkraad en kringleiers in die koshuis en aan die studente te gee, en behaal, aldus my beskeie oordeel, heelwat sukses."

Haar familie, wat aan die begin nie baie opgewonde was oor haar "predikant-word-storie" nie, is vandag vir haar 'n groot inspirasie. Daar is egter een saak waaroor hulle radikaal verskil: sy bulder vir die WP en haar familie vir Noord-Transvaal!

Onnodig om te meld: Helena wil graag kansel toe, hetsy as jeugleraar of in 'n gewone gemeente.

- *Teen druktyd was dit nog nie bekend of Helena de Swardt beroep is nie.*

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en ander wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Prof J. C. de Wet

Prof J C de Wet (78), wat die grade BA en LL B *(cum laude)*, 'n doktorsgraad in die Regsgeleerdheid aan die US en 'n tweede doktorsgraad aan die Rijksuniversiteit van Leiden in Nederland verwerf het. Hy was van 1936 tot 1972 (toe hy afgetree het) dosent aan die US se Fakulteit Regsgeleerdheid en is sekerlik tot op datum Suid-Afrika se invloedrykste regsakademikus. Hy was een van net drie akademiese regsgeleerdes aan wie die Staatspresident die titel SC *(senior consultus)* toegeken het.

Prof De Wet het in 1942 hoogleraar aan die US geword.

Sy grootste akademiese bydraes het hy in die laat jare veertig en vroeë vyftigs gelewer met die publikasie van veral die boeke *Kontraktereg* en *Handelsreg* (saam met prof J P Yeats) en *Strafreg* (saam met prof H L Swanepoel). Dié twee regshandboeke was nie net die eerste in Afrikaans nie, maar het deur hulle prinsipiële benadering en intellektuele regorisme 'n blywende invloed op die Suid-Afrikaanse regsopleiding en regspraktyk gehad. Hy het ook talle ander werke laat verskyn, veral oor die geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg.

Omdat hy hoofsaaklik in Afrikaans geskryf het, het prof De Wet 'n heel besondere bydrae tot die vestiging van 'n goed ontwikkelde Afrikaanse regsterminologie gelewer wat in vele opsigte meer geskik is vir die hantering van die Romeins-Hollandse reg as sy Engelse ekwivalent. Hy was lief vir taal en het jare lank bydraes vir die Woordeboek van die Afrikaanse Taal ingestuur.

Prof De Wet het ook die Duitse regswetenskap goed geken, maar hy het dit aangewend as 'n sistematiese raamwerk vir Suid-Afrika se Romeins-Hollandse erfenis en nooit as slaafse model nie. Toe hy in 1939 besoek aan Berlyn gebring het, is hy beïnvloed deur die rykdom van die biblioteke, maar verstom deur die katalogiese indeling van skrywers in Jode en nie-Jode.

Vier Suid-Afrikaanse universiteite, Universiteit Kaapstad, Unisa, RAU en die US, het eredoktorsgrade aan hom verleen. Hy was ook 'n ontvanger van Suid-Afrika se hoogste burgerlike verering, die Dekorasie vir Voortreflike Diens. Ná sy aftrede in 1972 het hy buitengewone professorate aan Unisa en die UK beklee.

Onder sy oud-studente is o a die voormalige Hoofregter, regter Pierre Rabie, 'n twintigtal regters en verskeie gewese en huidige lede van die Kabinet. Die US se Kanselier, dr Jan van der Horst, en die Voorsitter van die Raad, dr David de Villiers, het ook onder prof De Wet gestudeer.

Prof Erica Theron

Dr Erika Theron (83), wat die grade BA, MA en D Phil aan die US behaal het. Sy het daarná drie jaar aan die Universiteit van Berlyn in die Maatskaplike Werk gestudeer. In 1937 is sy as lektrise in die Maatskaplike Werk aan die US aangestel en in 1956 het sy die eerste hoogleraar in dié vakgebied in die land geword. Haar doktorsgraad het oor *"Fabriekswerksters in Kaapstad"* gehandel. In 1958 is die Carnegie-beurs aan haar toegeken en het sy 'n studiereis in Amerika onderneem. Sy was tot haar aftrede in 1973 aan die US verbonde.

Dr Theron was die UWK se eerste Kanselier. Sy het ook in talle openbare en statutêre liggame gedien en was voorsitter van die Theron-kommissie van ondersoek na sake rakende die bruin bevolking. Etlike jare lank het sy die Gesamentlike Universiteitskomitee vir Maatskaplike Werk in die *International Association of Schools of Social Work* verteenwoordig, en het sy ook in die hoofbestuur gedien.

Van 1969 was sy adjunk-voorsitter van die Nasionale Welsynraad waarin sy sedert die stigting in 1947 gedien het. Daarbenewens was sy voorsitter van die Wes-Kaaplandse Streekwelsynraad, lid van die Nasionale Behuisingkomitee, lid van die Raad van die UWK, die US en die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy het ook in die stadsraad van Stellenbosch gedien en was die eerste vroulike burgemeester in Suid-Afrika.

Dr Theron het heelwat artikels en vakwetenskaplike publikasies die lig laat sien. In 1956 was sy die eerste redakteur van 'n maatskaplike vaktydskrif wat sy begin het. In 1972 het sy die erepenning vir maatskaplike welsynbevordering van die Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang en in 1976 'n eredoktorsgraad van UPE. In 1977 is sy as Nuusmaker van die Jaar deur die Society of Journalists aangewys.

Prof D. H. Odendaal

Prof D H Odendaal (62), van Stellenbosch, wat hoogleraar in die Fakulteit Teologie was. Hy het die grade BA in 1948 en MA (in Grieks) in 1950 aan die US verwerf. Sy doktorsgraad het hy met die hoogste lof aan die Westminster Theological Seminary in die VSA verwerf.

Hy was vroeër 'n sendeling in Transkei en het steeds sendingwerk gedoen. Hy was ook besig met die hervertaling van die Bybel in Xhosa, 'n taal wat hy goed magtig was. Hy was voorsitter van die Departement Ou Testament en het in 1972 dosent aan die Kweekskool geword. Hy is in 1980 tot hoogleraar bevorder.

Twee van sy vyf kinders het ook in die Teologie gestudeer: Dirk jnr is 'n predikant in Oos-Londen en 'n dogter, Marietjie, studeer in die Teologie in Nederland. Prof Odendaal se weduwee is dr Marie Odendaal, dosent in Engels aan die US se Fakulteit Opvoedkunde.

Prof F. X. Prins

Prof F X Prins (68), afgetrede dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde aan die US, wat sy universiteitsopleiding aan die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria ontvang het. Daarná het hy in Glasgow gestudeer voordat hy sy beroepsloopbaan op Stellenbosch begin het. In 1946 het hy die graad B Sc en drie jaar later M Sc aan die US werwerf. In 1956 verwerf hy die graad B Ch D aan die UP met onderskeiding in Konserverende Tandheelkunde.

Hy was hoogleraar in Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie aan die UP se Fakulteit Tandheelkunde en was ook vir 'n kort tydjie aan die PU vir CHO verbonde as lektor in Dierkunde. In 1962 het hy die Higher Diploma in Dentistry (HDD) aan die Royal Faculty of Physicians and Surgeons in Glasgow verwerf - hy was die enigste van die 12 kandidate wat geslaag het. In 1973 keer hy na die US terug as tweede heeltydse dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde.

Hy was 'n lid van verskeie vakverenigings, onder meer die Internasionale Vereniging vir Tandheelkunde Navorsing. Hy was ook voorsitter van die bestuurskomitee van die US se Tygerbergkampus en 'n bekende in rugbykringe. Hy het in 1985 afgetree en hom op Somerset-Wes gevestig.

Prof Guy de Klerk

Prof J N (Guy) de Klerk (70), van Kaapstad, wat 'n bekende medikus was. Hy was 'n voormalige president van die SA Mediese Vereniging (MVSA) en was tien jaar lank voorsitter van die Uitvoerende Komitee van MVSA se Federale Raad - hy was ook 12 jaar raadslid van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad.

Prof De Klerk het sy geneeskundige studies aan die UK, die Johns Hopkins-hospitaal in Baltimore, Amerika, en die Royal College of Surgeons in Edinburg, Skotland, deurloop. Hy was van 1972 tot 1984 hoogleraar in Urologie aan die US, die eerste wat so 'n pos in Suid-Afrika beklee het.

Prof Carel du Toit

Prof C J (Carel) du Toit van Tokai, wat 'n internasionaal bekende baanbreker en oor-, neus- en keelspesialis was. Hy het in 1973 hoof van die US se Departement Oor-, Neus- en Keelkunde geword.

Prof Du Toit het aan die Universiteite van Kaapstad, Wits en Pretoria gestudeer. Hy het in 1981 afgetree en was sedertdien tot middel 1987 hoof van die Sentrum vir Gehoorgestremde Kinders, wat sy naam ontvang het.

Die Carel du Toit-sentrum is die eerste en enigste gehoorsentrum in die land vir die vroeë opsporing en habilitasie van doofgebore kleuters. Dr Du Toit het hom beywer vir die instelling van verpligte gehoorstoetse vir alle babas voor die ouderdom van nege maande. Oorsese spesialiste het hom geloof vir die feit dat hy stokdowe kinders met sy program normaal kon leer kommunikeer en skoolgaan. Die program is in Amerika, Denemarke en Engeland gevolg – in sommige mediese kringe in Denemarke is dit as die beste ter wêreld beskou.

Prof Paul Cluver

Prof Paul Friedrich Cluver (90) van Stellenbosch, wat 'n voormalige hoogleraar in die Psigiatrie aan die US was. Hy het sy skoolopleiding aan die destydse Hoër Jongenskool op Stellenbosch ontvang en het daarná aan die Universiteite van Kaapstad, Oxford en Londen gestudeer.

Ná sy terugkeer na Suid-Afrika in 1934 het hy as psigiater in Kaapstad gepraktiseer en was daarná konsultant in Psigiatrie aan die Groote Schuur-hospitaal. Van 1958 tot 1973 was hy hoof van die Departement Psigiatrie aan die US en hoogleraar van 1971 tot 1973. Kort ná sy 77ste verjaardag het hy die graad Ph D (Med) aan die US verwerf.

Hy was 'n bekende in Suid-Afrikaanse mediese kringe.

Mnr S A Engelbrecht (76) van Lambertsbaai, wat sy B Sc-graad aan die US verwerf het, en van 1965 tot 1974 direkteur van die Weerburo was. Hy het Suid-Afrika op talle kongresse en vergaderings in die buiteland verteenwoordig.

Mev Hettie Cillié (74) van Stellenbosch, wat die eggenote van die bekende prof G G (Gawie) Cillié was. Sy het haar aan die US in die Huishoudkunde bekwaam. Tydens haar man se dosentskap aan die US was sy jarelank voorsitter van die Vroue-vereniging van die US.

Mnr Reinhold Hollstein van Stellenbosch, wat 'n oud-dosent in Klavier aan die Konservatorium was. Hy het die pos van 1964 tot met sy aftrede in 1984 beklee.

Mnr Paul Mario Prosch (26), 'n Oud-Matie van Windhoek wat in die Robberg-natuurreservaat by Plettenbergbaai vermis geraak het en dood verklaar is.

Prof J E (Japie) de Villiers (78) van Stellenbosch, wat die grade B Sc, M Sc en 'n doktorsgraad in die Wetenskappe aan die US verwerf het. In 1943 verwerf hy ook Ph D in Geologie aan Unisa. Hy was 'n alombekende geoloog wat heelwat gepubliseer het.

Mnr John Bannister (52) van Oxford, Engeland, wat van 1976 tot 1988 aan die Konservatorium van die US verbonde was. Hy word veral onthou vir sy bydrae tot die beplanning van 'n nuwe Konservatorium.

Mnr J P F (Kosie) van Niekerk van Worcester, wat in 1951 B Mus aan die US verwerf het. Hy het met Braille-musiek die musiek-onderrig van die Pionierskool op Worcester onderneem en is o m deur die FAK vereer.

Mnr Johan Strydom (28) van Uitenhage, wat B Sc (Landbou) in 1987 aan die US verwerf het.

Mnr T K Schmidt (68) van Vereeniging, wat B Sc aan die US verwerf het.

Mnr G C Coetzee (45) van Stellenbosch, wat BA aan die US verwerf het.

Mnr J P J Hattingh (65) van Welgemoed, wat BA en die SOD aan die US verwerf het.

Mnr J S Gericke (70) van George, wat BA en MA aan die US verwerf het.

Mnr J J van der Merwe (65) van Kleinberg, Breërivier, wat B Sc (Landbou) aan die US verwerf het.

Dr C B Kemp (52) van Durbanville, wat in 1963 M B Ch B en in 1971 M Med aan die US verwerf het.

Mnr J H T (Hubertus) Beukes van Pretoria, wat B Sc in 1963 en Hons B Sc in 1970 aan die US verwerf het en 'n oud-Helderberger was.

Me Lize van Zyl (23) van Laingsburg, wat B Comm en die HOD aan die US behaal het. Sy was 'n oud-inwoner van Minerva en Kalulu en mej Matieland-finalis in 1987.

Mnr E D Hall (43) van Zeerust, wat in 1971 B Sc aan die US verwerf het.

Mej D A Elahi (34) van Pretoria, wat BA in 1987 aan die US verwerf het.

Mnr P J Malherbe (82) van Kaapmuiden, Nelspruit, wat BA, MA en die SOD aan die US verwerf het.

REGSTELLING

IN 'n berig oor die nuwe blad *Stellenbosse Regstydskrif/Stellenbosch Law Review* (Matieland 2:90) is per abuis gemeld dat regter "Claire" Howie in dié blad se redaksionele raad dien – dit moet regter Craig Howie wees.

● MB ChB

Die 22 lede van die MB ChB-klas van 1965 is:

STAANDE: Evan Kaplan (Kaapstad), Sakkie Truter (Durbanville), Louis Bok (Port Elizabeth), Wilhelm Smit (Bellville), Frans Smit (Windhoek), Carl Lacock (Reitz), Piet Janson (Kaapstad), Jeanette Albertyn (née Fischer, van Westville), Willie Lambrechts (Bellville), Jerome Sedgwick (Kaapstad), Malan du Preez (Vanderbijlpark), Paul Cluver (Grabouw), en Tony van Buuren (Tygerberg).

SITTENDE: Wally Barnard (Bloemfontein), Connie Snoek (Bellville), Rudi Kruger (agter, Strand), Piet Jacobs (voor, Uitenhage), Gavin Roux (Marble Hall), Hugh Braithwait (Oos-Londen), Daantjie van der Merwe (Bellville), Vic Oelofse (Vereeniging) en Tinus van Zyl (Somerset-Wes).

SAAMTREKKE

Hier en op bladsy 35 verskyn foto's van Oud-Matiesaamtrekke op Newcastle, Ermelo en Worcester (van Rawsonville se Oud-Maties het hier saamgekuier) asook 'n foto van 'n reünie van die MB ChB-klas van 1965 wat in Klub Mykonos aan die Weskus gehou is.

● NEWCASTLE

Newcastle se Oud-Maties aan't gesels met prof Christo Viljoen (middel). (Vlnr) staan Flip le Roux, Louis Nel, Piet Burger en Penny Botha (Imker se vrou).

REGS ONDER:

Hier is nou 'n egpaar met enorme insig . . . Thomas en Patricia Leach, wat hier saam met Haas Kruger van die US verskyn, het onderskeidelik aan Ikeys en Rhodes geswot. Waarom het hulle dan saam met die Oud-Maties op Newcastle gekuier? Hulle dogter swot op Maties.

Op Newcastle se saamtrek, waar prof Christo Viljoen, dekaan van die US Fakulteit Ingenieurswese, die geleentheidspreker was, is 'n Oud-Matiebond weer in die lewe geroep en hier is die bestuur. (Vlnr) Imker Botha (voorsitter, hy is ook Newcastle se burgemeester), Ida en Piet Burger en Marie-Louise en Collin Kapp.



•ERMELO

Op die saamtrek op Ermelo was Leon Marais, Kobus Strydom (bestuurder van die klub waar die saamtrek gehou is), Piet de Klerk van die US, Chris Allen, en Annelie en Christo van Rooyen. Johan Fechter, direkteur: Openbare Betrekkinge aan die US, was die geleentheidspreker..

•WORCESTER EN RAWSONVILLE

Die saamtrek op Worcester is deur 'n gholftoernooi waaraan Oud-Maties deelgemeen het, voorafgegaan. Hier op die eerste bof is Dawid en Lourens Naudé, Schalk van der Merwe en Stanley Louw, wat 'n enorme hand bygesit het met die reëlings, onder meer 'n hoenderbraai, e d m.

Nog 'n foto geneem op die saamtrek op Worcester – kyk net hoe gelukkig is die samesyn. Voor sit Gesina en DV du Toit en agter hulle is Willem en Lulu Esterhuizen, Ronel Snyman en Johan Fechter van die US, wat geleentheidspreker was.

COETZENBURGKLUB

DIÉ klub is in 1979 gestig. Lidmaatskap word aan gewese spelers, Oud-Maties, doserende en administratiewe personeel van die US en aan ander getroue ondersteuners van die Rugbyklub verleen.

Die klublokaal is in die Craven-stadion en is deeglik toegerus vir onthale en geselligheide ná wedstryde.

Lidmaatskapfooie is tans R20,00 vir een jaar of R200,00 vir lewenslange lidmaatskap. 'n Lidmaatskapskaartjie verleen toegang aan twee persone.

Die Coetzenburgklub se hoofdoel is om aan lede geleentheid te bied om hulle verbintenis met die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch voort te sit of weer te hernu.

Hy beywer hom voorts daarvoor om aan die einde van die seisoen geldelike steun aan verdienstelike rugbyspelers te gee. Sedert 1983 is minstens 75 spelers al so bygestaan.

Indien u vir 1991 lid van die Coetzenburgklub wil word, moet meegaande strokie voltooi en teruggestuur word – u lidmaatskap sal vroeg aanstaande jaar aan u gestuur word.

COETZENBURGKLUB

LIDMAATSKAPFOOIE : 1991

VAN _____ VOORLETTERS _____

ADRES _____ TEL. NO. _____

_____

_____

POSKODE _____

Ondergetekende sluit hiermee 'n tjek/posorder in van:

	Merk
R20,00 vir 1 jaar	☐
OF R200,00 vir Lewenslid	☐

U lidmaatskapkaartjie verleen toegang aan u plus nog 'n persoon (eggenote/vriend/vriendin). Met die medewete van die persoon aan diens by die toegangsdeur kan nog ander nie-lede wat saam met u is, toegelaat word. KINDERS ONDER 18 JAAR WORD NIE TOEGELAAT NIE.

Geliewe u tjek/posorder betaalbaar te maak aan: COETZENBURGKLUB en stuur dit saam met die voltooide vorm aan:
Mev Julia Steenkamp
Coetzenburgklub
Rugbykantoor
Universiteit
7600 STELLENBOSCH

HANDTEKENING : _____

DATUM : _____ 19 _____



Om 'n Matie of Oud-Matie te wees, beteken om om te gee vir ons land en sy mense! Deur Uskor kan u help dat ons aan mekaar se toekoms bou. USKOR werk hoofsaaklik op Stellenbosch en omgewing en op die randgebied van die Kaapse skiereiland. Deur hulle deelname word studente toegerus met die waardes, gesindhede en kennis wat vir die toekoms van die land onontbeerlik is.

Dringende behoeftes bestaan in gemeenskappe waar daar gewerk word. So bv word vir Scottsdene 'n gemeenskapsentrum beplan, 'n kleuterskoolgebou in Macassar is baie nodig en so ook 'n sentrum vir gestremdes.

USKOR funksioneer ekonomies onafhanklik van die res van die Universiteit en het u hulp werklik nodig.

Pieter Cloete
Direkteur: USKOR

USKOR-KARNAVAL 1991

Die Karnavalkomitee is 'n fondsinsamelingsorganisasie wat al sy fondse na USKOR (Universiteit van Stellenbosch Kliniekeorganisasie) kanaliseer. Die bedrag beloop jaarliks sowat R300 000 en is USKOR se hoofbron (±60%) van inkomste.

Die Maties se Karnavalpoging en dié van 12 ander universiteite is deel van NASIONALE JOOL, die grootste studentefondsinsamelingsorganisasie ter wêreld.

Deur projekte van stapel te laat loop wat studente op gesellige wyse betrek en fondsinsameling as doel het, samel Karnaval geld in. Om hierdie projekte te kan aanbied, het ons egter u hulp en ondersteuning nodig.

By voorbaat dank

Christa de Swardt
Voorsitter: Karnavaalkomitee

JOU DONASIE KAN IEMAND SE WÊRELD . . . OMSWAAI

KARNAVALKOMPETISIE 1991

DONASIE R5,00

WEN 2 VLIEGTUIGKAARTJIES NA AMSTERDAM

PLUS R5 000 KONTANT

IN SAMEWERKING MET HYLTON ROSS

Pectora roborant cultus recti

1ste Prys:

2de Prys:	Week verblyf vir twee by D'OUWE WERF.
3de Prys:	R1 000 kontant geskenk deur BOLAND BANK.
4de Prys:	Avontuur vir 2 op Oranje of Doringrivier met RIVER RAFTERS.
5de Prys:	Baanbreker naaimasjien, wat die modernste steke maak, plus 'n standaard skêr, geskenk deur FRICK NAAIMASJIENE.
6de Prys:	Een week verblyf vir 2 by MONTAGUE HOT SPRINGS.
7de Prys:	Ses maande lidmaatskap by HEALTH AND RAQUET CLUB van u keuse.
8ste Prys:	R250 CLICKS geskenkbewys.
9de Prys:	R200 HAUM-UUB geskenkbewys.
10de Prys:	Boogie Board geskenk deur WORLD OF SURF.
11de Prys:	Skiereiland toer vir 2 geskenk deur SPRINGBOK ATLAS.
12de Prys:	R100 JEAN CRAIG POTTERY geskenkbewys.
13de – 15de Prys:	Dagsorg geskenkbewys by HIGH RUSTENBURG HYDRO.
16de Prys:	R100 LYNBRIKON LINEN AND HOTEL SUPPLIERS geskenkbewys.
17de Prys:	R100 MUSICA geskenkbewys.
18de Prys:	1 Kis Chateau Libertas Magnums geskenk deur SBW.
19de Prys:	Luukse skêr geskenk deur FRICK NAAIMASJIENE.

TEN BATE VAN USKOR

INSKRYWINGSVORM

US KARNAVALKOMPETISIE

1. VIR WATTER ORGANISASIE SAMEL MATIES KARNAVAL GELD IN?

   _____

2. IN SAMEWERKING MET WIE WORD DIE EERSTE PRYS GEREËL?

   _____

NAAM: _____

_____

ADRES: _____

_____

_____

TEL: _____

DANKIE VIR U ONDERSTEUNING

REËLS

1. Die Sluitingsdatum is 22 Mei 1991.
2. Geen korrespondensie sal gevoer word na wenners op 3 Junie 1991 aangekondig word.
3. Geen beperkings op aantal inskrywings.
4. Inskrywings met R5,00 donasie moet na Posbus 3118, Coetzenburg 7602 gestuur word.
5. Posorders en tjeks moet uitgereik word aan US Karnavalkomitee

P.P.S. se Oorlewings-plan vir Professionele Praktyke.



Jy't dit nodig!

Jy kan nooit voorspel watter onvoorsienbare ramp jou praktyk in 'n oogwink kan uitwis nie. Maar jy kan jouself beskerm teen die finansiële gevolge van skielike ongeskiktheid met PPS se oorlewingsplan vir professionele praktyke.
PPS is uniek. Dis die enigste Vereniging wat deur professionele mense eksklusief vir Gegradueerde Professionele lui geskep is — met 'n verskeidenheid voortreflike voordele. Siekte- en permanente ongeskiktheidsvoordele, dekking vir jou praktykbokoste en 'n belastingvry enkelbedrag wanneer jy aftree.

PPS bied ook Groeptermynlewensdekking, 'n Uittree-annuiteïtskema met 'n spesiale dividend vir PPS lede en Profmed, PPS se unieke mediese skema.
Hierdie voordele vorm saam die allerbeste oorlewingsplan vir Gegradueerde Professionele lui. Vergelyk gerus die tariewe — hulle bly onoortreflik. En onthou, PPS se siektevoordele word vanaf die eerste dag van siekte of ongeskiktheid betaal — mits die siekte sewe dae duur. Dit maak dit die doeltreffendste dekking wat daar is.

Dis jou vereniging

PROTECTION·PROVIDENCE
PPS
BESKERMING·VOORSORG

Aan: Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika, Posbus 6268, Johannesburg 2000.
Voorsien my asseblief van julle brosjure "Die Ideale Plan" vir meer inligting oor PPS-voordele.

Naam _____ Geboortedatum _____

Adres _____

Telefoon (w) _____ (h) _____ Graad en professionele kwalifikasies _____

Unieke Beskerming vir Gegradueerde Beroepslui

COOLE O'HAGAN & RIMINGTON 677/A

Kundigheid, kwaliteit, vakmanskap.

BY PRINS & PRINS KAN U BESONDERSE JUWEELSTUK ONDER TOEGEWYDE KUNSTENAARSHANDE GESTALTE KRY. DIT BOONOP TEEN GROOTHANDELPRYSE WAT U SAK SAL PAS. ONS KUNDIGE ADVIES VERSEKER U OOK DIE REGTE KEUSE VAN 'N DIAMANT OF EDELSTEEN.

SO HET ONS REEDS 'N INTERNASIONALE REPUTASIE VERWERF VIR KWALITEIT, INTEGRITEIT EN VAKMANSKAP: 'N PLEK AS EEN VAN DIE VOORSTE VERSKAFFERS VAN NET DIE BESTE JUWELE.

KOM GESELS GERUS MET DR PETRE PRINS, PHD (GEOLOGIE), MBA (STELLENBOSCH). HY IS OOK 'N KUNDIGE OP DIE GEBIED VAN WAARDASIE EN GRADERING VAN EDELSTENE EN JUWELE.

PRINS & PRINS

Prins & Prins

OUTENTIEKE HANDGEMAAKTE JUWELE • INTERNASIONAAL GEGRADEERDE DIAMANTE

DIAMANTHANDELAARS – GOUDSMID-ATELJEE, LANGSTRAAT 2, KAAPSTAD 8001. TEL (021) 211200

P&V 4826